

Die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings, met spesiale verwysing na eietydse Suid-Afrika

Chris Nelson

Chris Nelson, onafhanklike navorser

Opsomming

Die koms van die “derde demokratiese golf” gedurende die laat 1980’s en vroeë 1990’s het daartoe bygedra dat die meeste state in Afrika finaal die juk van kolonialisme en outoritarisme afgewerp het. Tydens hierdie fundamentele oorgang is nuwe politieke partye gevorm, nuwe grondwette opgestel en demokratiese verkiesings regoor die vasteland gehou. Suid-Afrika was geen uitsondering nie.

Na bykans drie dekades van demokrasie worstel politieke ontleders egter met talle vrae: Hoe suksesvol was die konsolidering van demokrasie in sub-Sahara-Afrika, en Suid-Afrika in die besonder? Aanduidend van die soeke na antwoorde op hierdie kwelvrae in Suid-Afrika spesifiek is die onlangs-verskene publikasie onder die redaksie van Heather A. Thuynsma getiteld *Political parties in South Africa: Do they undermine or underpin democracy?* (2017).

Die doel van hierdie artikel is om by wyse van ’n literatuurondersoek die rol van politieke partye en politieke verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings te evalueer, met spesiale verwysing na eietydse Suid-Afrika.

Die werkswyse wat gevolg word, is soos volg: Eerstens word die teoretiese fondament verduidelik wat as lens dien waardeur die navorsingsvraag beantwoord word. Tweedens word die belangrikste probleemassekte en tendense vermeld wat deur navorsers geïdentifiseer is en wat regdeur die internasionale stelsel die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer. Derdens word, met spesifieke verwysing na die Afrika-substelsel, die belangrikste probleemassekte en tendense vermeld wat deur navorsers geïdentifiseer is en wat die rol van politieke partye en politieke verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer. Vierdens word die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing in die besonder beklemtoon. Vyfdens verskuif die fokus na die rol van politieke verkiesings asook kiesersgedrag in die konsolidering van demokrasie in samelewings.

Andermaal word prominensie verleen aan die Suid-Afrikaanse toepassing. Die artikel word met 'n opsomming afgesluit.

Trefwoorde: demokrasie; inklusiewe demokrasie; konsolidering van demokrasie; politieke partye; politiekepartystelsels; verkiesings; verkiesingstelsels

Abstract

The role of political parties and elections in consolidating democracy in societies, with special reference to contemporary South Africa

Today it is universally accepted not only that political parties contesting elections in order to gain the authority to rule is the hallmark of any representative democracy, but also that these institutions act as major actors in consolidating democracy in the aftermath of the elections. In this regard South Africa is no exception. Since the transition to a constitutional democracy in 1994 South Africa has had five general elections in which a large number of political parties participated. During the first general election in 1994 19 political parties participated nationally. This number rose to 29 during the latest general election in 2014. These political parties have also participated during this relatively lengthy period to a greater or lesser extent in consolidating the new inclusive democracy. Despite the fact that the particular electoral system applied during these elections displayed shortcomings, these impediments were apparently not sufficient to derail the process in its entirety.

It is important to point out that although this article has as its primary aim the role of political parties and elections in consolidating democracy in societies, several other factors play an equally vital role in this process. In this regard reference should particularly be made to factors such as the experience of society during the transition to democracy; the existence of a democratic political culture (“democracy becomes the only game in town”); the economic system (not a command economy or capitalism but social democracy); a versatile state bureaucracy; and the constitutional dispensation (a constitutional state).

The phenomenon of political parties and political elections in their modern appearance originated in Europe, Britain and the USA during the 19th century. In the USA this development took place despite the fact that the founding persons of that state actively discouraged the formation of such institutions. Eventually, however, it was the USA’s two-party system that largely created its democracy and has contributed towards consolidating it ever since.

With the onset of the 20th century the phenomenon of political parties contesting elections in order to gain the authority to rule spread throughout the world. During the post-colonial period and the “third democratic wave” large numbers of new states appeared on the international scene. However, political parties in these new states differed sharply from their European and American predecessors. Most often these institutions were formed on the basis of relations or agreements between traditional, ethnic, tribal, regional or religious groups. Sometimes these parties were partially political and partially military. Furthermore, the elections held in many of these new states were characterised by electoral fraud, electoral manipulation and vote-rigging.

A development of special significance was the use of political parties and political elections by socialist and communist states. However, consolidating democracy in these states was never seriously considered. Each measure adopted had only a single aim, namely the reinforcement and strengthening of the undemocratic socialist authoritarian order. Indicative is the fact that only a single party was allowed to participate in elections in these systems of absolute rule.

In the recent past many democratic societies have elected political parties and leaders who would dismally fail in their efforts to fulfil the promises made during election campaigns. The rise of cartel parties in particular has contributed toward this development. These parties have not acted as agents of society but have wilfully mobilised the resources of the state in a collusive manner in order to retain their position in the political system. Even South Africa has suffered this fate.

The South African experience with political parties, elections and political leaders unable or unwilling to fulfil promises made, is shared by many other societies on the African continent. Indeed, such has been the adverse impact of the system of neopatrimonialism practised by political leaders in these societies that it has even been compared by some analysts to the legacy of colonialism.

The negative experiences by millions of voters in democratic systems worldwide as a result of the actions by political parties during and in the aftermath of elections have also led to an alienation between electorates, parties and elections. This development is also discernible in contemporary South Africa.

Despite the weaknesses of parties as well as the fact that the most recent democratic indices by both the Economist Intelligence Unit (2017) and Freedom House (2018) indicated that democracy is currently in decline worldwide, most of the world's population is today living in democracies. Even although political parties and elections have been described by some observers as "inextricable weed in the otherwise neatly tailored democratic garden", democracy cannot function without them.

With special reference to contemporary South Africa, this paper assesses the role of political parties and political elections in consolidating democracy in societies.

The approach is as follows: First, a theoretical foundation is provided that will serve as a lens through which the research question will be assessed.

Secondly, the article addresses the most important factors and trends identified by researchers in the international system that negatively affect the role of political parties and elections in consolidating democracy in societies.

Thirdly, the article focuses on those factors and trends identified by researchers in the African sub-system in particular that negatively affect the role played by political parties and elections in consolidating democracy in societies.

Fourthly, the focus shifts to the role played by political parties in consolidating democracy in South African society in particular. The investigation highlights factors such as the nature of political parties; the various types of party systems; the types of political parties; the manner

in which voters exercise their political party choices; the functions of political parties; the location of power in political parties; the various types of personality profiles displayed by leaders of political parties; and the leadership styles applied by political leaders.

Fifthly, the role of elections and voting behaviour in consolidating democracy in South African society is assessed. The following factors are highlighted: the nature of elections; the importance and functions of elections; the alienation between electorates, parties and elections; the various types of electoral systems; the South African electoral system; the criticism against the South African electoral system; and the probability that the South African electoral system may be replaced or amended.

The paper concludes with a summary of the findings.

On the basis of the assessment made in this study it is possible to conclude that political parties in contemporary South Africa have played an important role not only in the transition to an inclusive democracy but also in consolidating that dispensation for almost a quarter of a century. Indicative are the following facts:

- All parties actively participated over many years in the negotiating process that eventually led to the creation of the new constitutional democracy.
- All parties have actively participated in the general elections held since the transition.
- All parties have actively performed their articulating, socialising, balancing, activating, channelling and recruiting functions.
- The majority of leaders of the ruling party as well as the official opposition have displayed personality characteristics typifying the democratic personality and the negotiator.
- The majority of leaders of the leading political parties have displayed leadership styles epitomising transactional and transformational leaders.

However, political parties have not always had a positive impact on consolidating democracy in South African society. On the contrary, these institutions may even have contributed toward “de-democratisation” or “democratic backsliding”, given that:

- the Constitution does not expressly make provision for the status, rights, obligations and functions of political parties
- the party system is indicative of a dominant party system
- the ruling party and a few opposition parties possessing a two thirds majority in the national legislature have displayed characteristics that epitomises cadre, catch-all, cartel, left-wing, populist and revolutionary (anti-system) parties
- the ruling party is supported largely by voters exercising their partisan choices in a manner that typifies the party-identification, the sociological as well as the dominant-ideology models
- all political parties are being affected by the iron law of oligarchy.

The general elections held since 1994 have also played an important role in consolidating democracy in South African society. However, two significant shortcomings have manifested themselves. Firstly, the electorate failed during the past four general elections to effectively hold the political leadership to account regarding the provision of security and the delivery of those goods and services vitally necessary for the creation of a stable environment in which

socio-economic development can flourish. The scope and consequences of this neglect is evidenced not only by the security and socio-economic predicament in which South Africa finds itself currently, but also by the sharp decline in voter turnout during elections.

Secondly, the closed party list electoral system as applied in South Africa have not satisfied all the essential requirements pertaining to electoral systems in representative democracies. Some of these shortcomings are of such a nature that the system should actually be replaced or amended. However, given the advantages derived by the ruling party from this particular electoral system, as well as the fact that these advantages are apparently being condoned by the electorate, the chances of its being amended or replaced are very slim.

Keywords: consolidating democracy; democracy; elections; electoral systems; inclusive democracy; political parties; political party systems

1. Inleiding

Dit word vandag universeel aanvaar dat politieke partye wat tydens verkiesings met mekaar meeding om die regeergesag te bekom nie alleen aanduidend is van die bestaan van 'n verteenwoordigende demokrasie nie, maar na afloop van die verkiesings ook as belangrike rolspelers funksioneer in die konsolidering van die demokratiese orde in die samelewing. In hierdie verband is Suid-Afrika geen uitsondering nie. Sedert die oorgang na 'n konstitusionele demokrasie in 1994 het daar reeds vyf algemene verkiesings plaasgevind waaraan 'n groot aantal politieke partye aktief deelgeneem het. Aan die eerste algemene verkiesing het 19 politieke partye op nasionale vlak deelgeneem, terwyl die getal gestyg het tot 29 in die jongste algemene verkiesing in 2014. Hierdie instellings het ook oor hierdie betreklik lang tydperk, met 'n meerdere of mindere mate van sukses, deelgeneem aan die konsolidering van die demokratiese bestel. Die verkiesingstelsel wat gedurende hierdie verkiesings toegepas is, het weliswaar tekortkominge getoon, maar die gebreke was oënskynlik nie genoegsaam om die konsolidering van demokrasie te ontspoor nie.

Uit die staanspoor moet beklemtoon word dat alhoewel hierdie artikel fokus op die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings, dit nie die enigste faktor is wat 'n bepalende rol speel nie. Intendeel, twee ander belangrike faktore rakende die konsolidering van demokrasie in samelewings verdien pertinente beklemtoning. Eerstens is die konsolidering van demokrasie nooit 'n afgehandelde of voltooide taak nie, maar 'n voortdurende proses van versterking en verstewiging van die demokratiese orde of stelsel. Tweedens word die konsolidering van demokrasie, benewens die rol van politieke partye en verkiesings, deur etlike ander grondliggende faktore bepaal. Volgens leidende navorsers oor die onderwerp, soos David Beetham (1994) en Juan J. Linz en Alfred Stepan (1996), word die konsolidering van demokrasie diepgrondig beïnvloed deur faktore soos 'n samelewing se ervaring van die demokratiese oorgang; 'n demokratiese politieke kultuur ("democracy becomes the only game in town"); die ekonomiese stelsel (nie 'n bevelsekonomiese of kapitalistiese stelsel nie, maar 'n sosiale demokrasie); 'n funksionerende staatsburokrasie; en die grondwetlike bedeling ('n regstaat). Hierdie navorsers identifiseer ook die vernaamste struikelblokke in die weg van demokratiese konsolidering, naamlik etniese konflik in multinasionale samelewings en onvervulde

populêre verwagtings in samelewings wat tegelykertyd politieke en ekonomiese hervorming teweeg wil bring.

Die verskynsel van politieke partye en politieke verkiesings in moderne gestalte het in die 19de eeu in Europa, Brittanje en veral die VSA ontstaan. In die VSA het hierdie belangwekkende ontwikkeling plaasgevind nieëntoestaan die feit dat die grondleggers van daardie staat aanvanklik die ontstaan van demokrasie en politieke partye heftig ontmoedig het. Uiteindelik was dit egter die Amerikaanse tweeparty politieke stelsel wat meegehelp tot die vestiging van die Amerikaanse demokrasie en die konsolidering daarvan sedertdien.

Met die aanbreek van die 20ste eeu het die verskynsel van politieke partye wat tydens verkiesings met mekaar meeding om die regeergesag te bekom, regoor die wêreld versprei. In die groot getal nuwe state wat in die naweë van die koloniale tydperk en tydens die “derde demokratiese golf” gedurende die tagtiger- en negentigerjare gevorm is, was die vorming van politieke partye insgelyks aan die orde van die dag. Die grondslag waarop politieke partye in hierdie ontwikkelende state gevorm is, het egter verskil van die Europese en Amerikaanse modelle. Meermale het die vorming van hierdie instellings geskied op die basis van verbintenisse tussen verskillende tradisionele, etniese, stam-, streeks- of godsdienstige groeperings. Verder was in talle van hierdie state politieke partye deels polities en deels militêr. In die verkiesings wat plaasgevind het, was verkiesingsbedrog, verkiesingsmanipulasie en stemkullery dikwels aan die orde van die dag.

Dit is ook belangrik om te meld dat die verskynsel van politieke partye en politieke verkiesings sedert die 20ste eeu in sosialistiese en kommunistiese state toegepas is. In hierdie state was die konsolidering van die demokrasie in die samelewing egter geen oorwegingsrede nie. Inteendeel, die vorming van elke instelling het slegs een doel voor oë gehad, naamlik die vestiging en verstewiging van die ondemokratiese sosialistiese outoritêre orde. Die feit dat in hierdie state slegs een politieke party toegelaat is om te bestaan en aan verkiesings deel te neem, dien ter bevestiging hiervan.

Die afgelope aantal jare het talle demokratiese samelewings politieke partye en politieke leiers tydens verkiesings aan bewind gestel wat nie aan die gestelde verwagtings voldoen het nie. Veral die opkoms van kartelpartye het daartoe gelei dat hierdie instellings nie as agente van die samelewing opgetree het nie, maar begin het om op onderduimse (“collusive”) wyse die bronne van die staat te gebruik om hul posisie in die politieke bestel te behou. Suid-Afrika (en die meeste state in sub-Sahara-Afrika) was insgelyks nie van sodanige ervaring uitgesluit nie. Die neopatrimonialistiese nalatenskap van die Drieparty-alliansie onder die leierskap van oudpresident Zuma in die besonder dien ter illustrasie.

Die Suid-Afrikaanse ervaring met politieke partye, verkiesings en leiers wat nie aan die verwagtings voldoen het nie, word ook deur die meeste samelewings elders in Afrika gedeel. Die negatiewe uitwerking van neopatrimonialisme op sosio-ekonomiese ontwikkeling in talle samelewings op die vasteland word reeds deur sekere politieke ontleders vergelyk met die nalatenskap van kolonialisme.

Die negatiewe ervaring van miljoene kiesers in demokratiese stelsels regoor die wêreld met politieke partye en verkiesingsprosesse het daartoe gelei dat daar ’n proses van vervreemding (“disconnect”) tussen kiesers, politieke partye en verkiesings ingetree het. Hierdie verskynsel,

ofskoon nie regverdig- of verdedigbaar nie, gegewe die aard van die sosiale kontrak in demokratiese samelewings, het ook in eietydse Suid-Afrika duidelik sigbaar geword.

Nieteenstaande bogemelde tekortkominge rakende politieke partye en politieke verkiesings, asook die aanduidings in die jongste demokratiese indekse van sowel die Economist Intelligence Unit (2017) as Freedom House (2018) dat demokrasie wêreldwyd agteruitgang ervaar, leef die grootste gedeelte van die wêreld se bevolking vandag in demokrasieë. Selfs die feit dat politieke partye en politieke verkiesings deur Susan C. Stokes (1999:244) as “geharde onkruid in die andersins goedversorgde demokratiese tuin” beskou word, kan demokrasieë nie sonder hierdie instellings voortbestaan nie. Volgens Stokes bestaan daar inderdaad genoegsame getuienis dat hoe meer “geharde onkruid” in demokrasieë sigbaar is, hoe groter is die kans op die konsolidering van demokrasie in sodanige stelsels.

Die doel van hierdie artikel is om by wyse van ’n literatuurondersoek die rol van politieke partye en politieke verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings te evalueer, met spesiale verwysing na eietydse Suid-Afrika.

Die werkswyse wat gevolg word is soos volg: Eerstens word die teoretiese fondament verduidelik wat as lens dien waardeur die navorsingsvraag beantwoord word.

Tweedens word die belangrikste probleemassekte en tendense vermeld wat deur navorsers geïdentifiseer is en regdeur die internasionale stelsel die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer.

Derdens word, met spesifieke verwysing na die Afrika-substelsel, die belangrikste probleemassekte en tendense vermeld wat deur navorsers geïdentifiseer is en wat die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer.

Vierdens verskuif die klem na die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing in die besonder. Die faktore aan die hand waarvan die ondersoek geloods word, is die volgende:

- Die aard van politieke partye.
- Die konstitusionele regulering van politieke partye.
- Die verskillende tipes politiekepartystelsels.
- Die verskillende tipes politieke partye.
- Die wyses waarop kiesers partypolitieke keuses uitoefen.
- Die funksies van politieke partye.
- Die ligging of setel van mag in politieke partye.
- Die verskillende persoonlikheidstipes in die geledere van partypolitieke leiers.
- Die verskillende leierskapstyle van partypolitieke leiers.

Vyfdens word die rol politieke verkiesings en kiesersgedrag in die konsolidering van demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing beklemtoon. Die aspekte aan die hand waarvan die ondersoek gedoen word, is die volgende:

- Die aard van verkiesings.
- Die belangrikheid en funksies van verkiesings.
- Die vervreemding (“disconnect”) tussen kiesers, politieke partye en verkiesings.

- Die verskillende tipes verkiesingstelsels.
- Die Suid-Afrikaanse verkiesingstelsel.
- Die kritiek teen die Suid-Afrikaanse verkiesingstelsel.
- Die vooruitsig dat die Suid-Afrikaanse verkiesingstelsel verander sal word.

Die artikel word afgesluit met 'n opsomming.

2. Teoretiese fondament

Die ontstaan van die teorie wat as lens dien waardeur die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings evalueer word, dateer terug tot die eerste helfte van die vorige eeu. In 1942 het die Amerikaanse politieke wetenskaplike Elmer Eric Schattschneider (1892–1971) in sy werk *Party government*, met die teorie vorendag gekom dat moderne demokrasie ondenkbaar is as dit nie in terme van politieke partye beskou word nie. Die uitgangspunt wat sy teorie ten grondslag lê, is dat politieke partye die naelstring vorm tussen die burgers en die regering. Indien hierdie naelstring afgeknip sou word, is dit onafwendbaar dat beide die regering en die burgers, as komponente van die demokratiese politieke bestel, ondergang in die gesig staar (Pearson 2018).

'n Soortgelyke teorie rakende politieke partye, politieke verkiesings en demokrasie is in 1980 ontwikkel deur die Amerikaanse politieke wetenskaplike Richard S. Katz. In sy klassieke werk getiteld *A theory of parties and electoral systems* (1980) het Katz aangetoon dat daar 'n onlosmaaklike verwantskap en verbintenis tussen politieke partye, politieke verkiesingstelsels en demokrasie bestaan.

Die uitgangspunte wat Katz (1980) se teorie rakende politieke partye, verkiesings en demokrasie ten grondslag lê, kan soos volg opgesom word:

- Politieke partye en verkiesings is die dryfvere (“mainsprings”) van moderne demokrasie.
- Moderne demokrasie is partydemokrasie.
- Daar bestaan 'n intieme band tussen die aard van politieke partye in 'n politieke stelsel en die gehalte van die demokrasie in daardie stelsel.
- Die politieke instellings en praktyke wat die essensie van moderne demokratiese regering vorm, is te danke aan politieke partye.
- Sonder politieke partye is demokratiese instellings en praktyke ondenkbaar.
- Moderne massapartye is geskep om in demokratiese verkiesings mee te ding, terwyl verkiesingstelsels bestaan om kompetisie tussen hierdie partye te struktureer.
- Moderne demokrasie kan gedefinieer word slegs deur daarna te verwys as die verkiesing van die hoof politieke besluitnemers in vrye verkiesings waarin kandidate van mededingende politieke partye teen mekaar te staan kom.
- Elke samelewing wat sy politieke leiers in bestrede verkiesings aanwys, kan as 'n demokrasie beskou word, terwyl samelewings waar dit nie geval is nie, nie as sodanig beskou kan word nie.
- Wanneer die omvang van 'n samelewing direkte populêre regering onmoontlik maak en die kompleksiteit van die politieke proses verkiesing deur loting onaanvaarbaar maak, blyk verteenwoordiging gebaseer op populêre verkiesing die enigste manier te

wees om die elemente van populêre deelname, rigtinggewing en beheer eie aan demokrasie te verseker en te bewaar.

- Enige samelewing wat daarop roem om 'n demokrasie te wees, sal in gelyke mate deur vrye verkiesings en die bestaan van politieke partye bepaal word.

3. Faktore in die internasionale stelsel wat die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer

Die afgelope aantal jare het talle navorsers faktore geïdentifiseer wat die teorie betreffende die noue verwantskap tussen politieke partye, politieke verkiesings en demokrasie behoorlik sou beproef. Dit behoort duidelik te blyk wanneer na die bydraes van enkele wetenskaplikes verwys word.

- Dit is ironies dat Richard S. Katz een van die eerste navorsers was wat gekonfronteer sou word met 'n uiters netelige probleem rakende sy teorie oor die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings. In 1995 het hy en Peter Mair die verskyning van 'n nuwe tipe politieke party in etlike demokratiese politieke stelsels geïdentifiseer. In hul werk getiteld *Changing models of party organization and party democracy: The emergence of the cartel party* (Katz en Mair 1995:5) vermeld hulle die opkoms van 'n nuwe tipe politieke party, naamlik die kartelparty. Kenmerkend van kartelpartye is dat hierdie instellings nie primêr as agente van die samelewing optree nie, maar op onderduimse (“collusive”) wyse die staat se bronne aanwend om hulle posisie in die politieke stelsel te behou. Die kruipende outoritarisme en korrupsie wat met die funksionering van kartelpartye gepaard sou gaan, sou, soos hier onder aangedui sal word, 'n uiters negatiewe uitwerking op die konsolidering van demokrasie in samelewings in veral sub-Sahara Afrika hê.
- In haar *Political parties and democracy* wys Susan C. Stokes (1999:243), daarop dat alhoewel dit 'n sentrale tema van demokratiese teorie is dat politieke partye demokratiese regerings verplig om gehoor te gee aan die voorkeure van die kiesers, politieke partye in die moderne era egter as spreekbuis vir ekstremiste optree. Hierdie verskynsel verminder die mate waarin regerings hulle aan die voorkeure van die kiesers steur.
- In haar werk getiteld *How political parties shape democracy: Perspectives from democratic theory* beklemtoon Ingrid van Biezen (2004:2) die feit dat alhoewel die teorie dat moderne demokrasie ondenkbaar is sonder politieke partye aanvaar word, dit tans egter van belang is om oorweging te skenk aan die wyse waarop hierdie instellings demokrasie en die konsolidering daarvan in samelewings bevorder en beïnvloed. Sy verwys veral na die feit dat moderne politieke partye toenemend besig is om relevansie te verloor as voertuie vir verteenwoordiging, instrumente van mobilisering en kanale van belange-artikulering. Volgens haar is dit paradoksaal dat, niesteenstaande die feit dat politieke partye beskou word as die sleutelinstrumente van verteenwoordigende demokrasie, hierdie instrumente terselfdertyd ook beskou word as dat hulle nie oor die vermoë sou beskik om daardie funksies te vervul wat tiperend is van 'n funksionerende demokrasie nie.
- 'n Groep wetenskaplikes het selfs met 'n “nuwe” teorie betreffende die rol en invloed van politieke partye in spesifiek die Amerikaanse politieke stelsel vorendag gekom. In *A theory of political parties: Groups, policy demands and nominations in American*

politics (Bawn, Cohen, Karol, Masket, Noel en Zaller (2012) wys hierdie wetenskaplikes daarop dat belangegroepes en aktiviste tans die dominante aktore in politieke partye is. Die onvermydelike gevolg is dat politieke partye nie langer 'n responsiwiteit jeens kiesers se voorkeure openbaar nie.

- Die president van die National Democratic Institute for International Affairs (NDI), Kenneth Wollack, wys in sy voorwoord vir die publikasie getiteld *Political parties and democracy in theoretical and practical perspective. Developments in party communications* deur Pippa Norris (2005) daarop dat politieke partye se invloed in demokratiese samelewings besig is om in toenemende mate uitgedaag te word. Hierdie verskynsel is die direkte gevolg van die toenemende vervreemding (“disconnect”) tussen kiesers en hulle verkose leiers, die afname in politieke aktivisme en die toenemende gesofistikeerdheid van antidemokratiese magte.
- Die redakteurs van *Political parties and democracy*, Larry Diamond en Richard Gunther (2001), beklemtoon die feit dat alhoewel politieke partye as een van die kerninstellings in 'n demokratiese bestel beskou word, daar bewyse bestaan dat demokratiese politieke partye regoor die wêreld besig is om die vertroue van kiesers te verloor.
- In *Are political parties in decline?: Recent contributions in the field*, wys Ronald Alfaro Redondo (2014:151) daarop dat die ondersteuningsbasisse van politieke partye wêreldwyd nie alleen besig is om te krimp nie, maar dat kiesers 'n toenemende skeptisisme toon rakende hulle betrokkenheid by hierdie instellings.
- In die publikasie *Political parties and democracy* het wetenskaplikes onder die leiding van Kay Lawson (2010) die verwantskap tussen politieke partye en demokrasie in 46 state in verskillende wêrelddele ondersoek. In die vyf volumes wat die werk beslaan, het hierdie wetenskaplikes tot die gevolgtrekking gekom dat oor die afgelope 100 jaar die ontwikkeling van politieke partye deur drie fases gekenmerk is, naamlik bevryding, demokratisering en dedemokratisering.
- Op 'n meer positiewe noot wys Nancy Bermeo (2016) daarop dat die demokratiese agteruitgang (“democratic backsliding”) wat tans prominent waarneembaar is en waaraan politieke partye aandadig is, nie noodwendig as negatief beskou moet word nie. Die agteruitgang is omkeerbaar en kan uiteindelik selfs die rol van hierdie instellings in die konsolidering van demokrasie bevorder.

4. Faktore in die Afrika-substelsel wat die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings belemmer

Dit is belangrik om te meld dat hierdie bespreking beperk word tot sub-Sahara-Afrika. Die Arabiese Lente wat in 2010 in Noord-Afrika en die Midde-Ooste 'n aanvang geneem het, het weliswaar 'n demokratiese opflikkering veroorsaak, maar dit was van korte duur.

Wat sub-Sahara Afrika aanbetref het 'n groot getal wetenskaplikes insgelyks faktore geïdentifiseer wat die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings diepgrondig beïnvloed. Dit is opvallend dat die bevindings deurgaans daarop dui dat sub-Sahara-Afrika met 'n ernstige demokratiese tekort (“democratic deficit”) te kampe het. Kortliks kom dit daarop neer dat daar in hierdie gedeelte van Afrika 'n wanbalans bestaan tussen die vlak van demokrasie in politieke instellings en politieke prosesse en die teoretiese ideaal van demokratiese regering.

In die lig daarvan dat dit nie moontlik is om 'n opsomming van alle navorsingsbevindings te verstrek nie, sal met enkele voorbeelde volstaan word. Die voorbeelde behoort egter 'n goeie aanduiding te verskaf van die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in sub-Sahara Afrika en die faktore wat die proses beïnvloed.

- In 'n verslag opgestel deur navorsers onder die leiding van M.A. Mohamed Salih en Per Nordlund (2007), getiteld *Political parties in Africa: Challenges for sustained multiparty democracy*, vir die International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA), het hierdie navorsers bevind dat in Afrika-samelewings die meeste politieke partye se bydrae tot die konsolidering van demokrasie beperk is. Van die vernaamste faktore wat hiertoe meehelp, is die feit dat regerende partye op direkte of indirekte wyses staatsfondse gebruik en misbruik vir die finansiering van verkiesings; dat skeiding tussen regering en party haas nie bestaan nie; dat regerende partye staatsbronne gebruik om patronaatskappe te vestig ten einde hulle politieke posisie te behou; dat die privaatsektor te klein is om 'n lewensvatbare burgerlike samelewing en 'n niepolitieke middelklas te vestig wat 'n effektiewe oorsigrol kan vervul; dat staatskaping beskou word as 'n metode vir elite-verryking; dat alle politieke partye lewensvatbaar is slegs op elite-vlak; en dat die swakheid van opposisiepartye meebring dat hulle nie 'n effektiewe oorsigrol oor die regering kan vervul nie.
- In hulle *Party systems and democratic consolidation in Africa's electoral regimes* het die navorsers Michelle Kuenzi en Gina Lambright (2005) die verwantskap tussen drie partystelseienskappe (wetgewende onbestendigheid, die gemiddelde ouderdom van partye en die effektiewe getal parlementêre partye) en die konsolidering van demokrasie in 33 Afrika-state ontleed. Hierdie navorsers het tot die gevolgtrekking gekom dat partystabiliteit, soos gemeet aan die gemiddelde ouderdom van partye en partystelsel-mededingendheid, soos gemeet deur die effektiewe getal partye, wel 'n korrelasie met demokrasie toon.
- In sy oorsig van die onlangse navorsing oor politieke partye en partystelsels in Afrika getiteld *Political parties and party systems in Africa: Themes and research perspectives* wys Giovanni M. Carbone (2007:18) daarop dat die jongste navorsing lig werp oor talle kwessies rakende die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings. Van belang is die wydverspreide voorkoms van dominantepartystelsels die fragmentering van opposisiegroeperings in 'n groot aantal swak en onstabiele partye; die wyse waarop etniese identiteite en kliëntelitiese netwerke as grondslae van partymobilisering dien; die beperkings wat partye ervaar in die skepping van effektiewe organisatoriese strukture; die swak beleidmakende vermoëns van nuwe partye; en die lae vlakke van institusionalisering van partystelsels.
- Die navorser Edwin Odhiambo Abuya het in sy werk getiteld *Can African states conduct free and fair presidential elections?* (2010) tot die gevolgtrekking gekom dat alhoewel vrye en regverdige verkiesings in Afrika-samelewings wel moontlik is, dit slegs kan geskied indien ingrypende regs- en institusionele hervormings aangebring word. Deur te fokus op die verkiesings in Zimbabwe en Kenia het hy egter aangedui dat dit 'n enorme poging sal verg.
- Die navorser André Mbata Mangu het in *Democracy and states' compliance with regional and sub-regional election benchmarks in Africa* (2012:1) tot die slotsom gekom dat sedert die begin van hierdie eeu die verkiesings wat op 'n gereelde

grondslag in Afrika gehou is, nie aan die gestelde verkiesingstandaarde op streeks- en substreeksvlak voldoen het nie.

- In hulle evaluering van die rol van politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in Afrika gedurende die tydperk 1990 tot 2010 het Gabrielle Lynch en Gordon Crawford (2011) tot die gevolgtrekking gekom dat daar op sewe terreine tegelykertyd vordering en agteruitgang was: onwettige maar voortgesette militêre inmenging; gereelde verkiesings, maar demokratiese agteruitgang; demokratiese institusionalisering, maar voortgesette presidensiële oorheersing (“presidentialism”) en endemiese korrupsie; institusionalisering van politieke partye, maar wydverspreide etnies-gebaseerde stempatrone en die toepassing van uitsluitingspolitiek (soms gewelddadig); toename in instellings in die burgerlike samelewing, maar toename in wanoptrede (“incivility”), geweld en onveiligheid; toename in politieke vryhede en ekonomiese groei, maar omvangryke politieke beheermaatreëls en ongelyke ontwikkeling; die skenkergemeenskap se gemengde verbintenis tot, maar perverse impak op, die bevordering van demokrasie.
- Die navorsers V. Randall en L. Sväsand (2010) het in hul werk getiteld *Political parties and democratic consolidation in Africa* tot die gevolgtrekking gekom dat politieke partye in Afrika ’n bepaalde “swakheid” openbaar in die konsolidering van demokrasie en dat dit te wyte is aan: die ekonomiese konteks waarin hulle funksioneer; die swakheid van die burgerlike samelewing; die voorkoms van etnisiteit as grondslag vir politieke mobilisasie; personalisme (lojaliteit aan een persoon of leier); kliëntelisme; en sterk en dominante presidentskappe.

5. Die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in eietydse Suid-Afrika

5.1 Die aard en funksies van politieke partye

In die literatuur bestaan daar tientalle definisies en beskrywings van wat ’n politieke party is. In hierdie artikel sal volstaan word met die beskrywing deur die ACE Electoral Knowledge Network (2012). Volgens hierdie netwerk is politieke partye alliansies deur staatsburgers wat min of meer eendersdenkend is oor politieke doelwitte en saamwerk om verkiesings te wen en sodoende die regering van die dag te vorm.

Volgens die befaamde Britse politieke wetenskaplike Andrew Heywood (2002:248) verskil politieke partye in verskeie opsigte van ander groeperings en instellings in die samelewing: Eerstens kompeteer politieke partye met ander politieke partye om die regeergesag in die staat te bekom en te behou. Tweedens is politieke partye georganiseerde instellings met formele lidmaatskap. Derdens fokus politieke partye op daardie breë kwessies in die samelewing wat in regeringsbeleid neerslag moet vind. Vierdens word politieke partye verenig deur gedeelde politieke voorkeure en ’n bepaalde ideologiese identiteit.

Die sentrale rol wat politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings speel, blyk veral uit die feit dat hulle rolle vervul wat veel wyer strek as bloot die bekleding van politieke ampte en die organisering van die regering. Die volgende is die belangrikste funksies van politieke partye soos omskryf deur die ACE Electoral Knowledge Network(2012):

- Die artikulering van openbarebeleidsprioriteite, samelewingsbehoefte en samelewingsprobleme soos deur lede en ondersteuners geïdentifiseer.
- Die sosialisering en opvoeding van kiesers in die funksionering van die politieke stelsel en die onderliggende waardes waarop die stelsel geskoei is.
- Die balansering van opponerende eise en die omskakeling daarvan in algemene beleidsrigtings.
- Die aktivering en mobilisering van die burgers tot deelname aan politieke besluitneming en die omskakeling van hulle sienings in werkbare beleidsrigtings.
- Die kanalisering van die openbare mening na die regering.
- Die werwing en opleiding van kandidate om openbare ampte te beklee.

'n Belangrike aspek wat deur die ACE Electoral Knowledge Network (2012) beklemtoon word, is die feit dat politieke partye in demokratiese samelewings beskou kan word as geïnstansionaliseerde bemiddelaars tussen die burgerlike samelewing en die regeerders. Verder beklemtoon hierdie netwerk dat ten einde die veelvuldige take en funksies te vervul, dit noodsaaklik is dat bepaalde regte en verpligtinge van politieke partye konstitusioneel of deur wetgewing gewaarborg word. Dit sluit in die vryheid van organisering; vryheid om vir verkiesing benoem te word; vryheid van spraak en assosiasie; vryheid tot billike en vreedsame mededinging; meganismes om pluraliteit te verseker; vryheid van diskriminasie; vryheid van toegang tot die media; en deursigtige en verantwoordbare politieke finansiering.

Alhoewel politieke partye in Suid-Afrika, soos hier onder aangedui sal word, nie konstitusioneel gereguleer word nie, was die regte en vryhede wat in die Grondwet en die Handves van Regte gewaarborg word, genoegsaam ten einde hierdie instellings in staat te stel om die veelvuldige take, rolle en funksies soos hier bo vermeld reeds vir bykans 'n kwarteeu te vervul. Problematiese aspekte met betrekking tot voorgemelde het weliswaar na vore getree en sal hier onder aangedui word.

5.2 Die konstitusionele regulering van politieke partye

Dit is opvallend dat alhoewel politieke partye 'n deurslaggewende rol in die konsolidering van demokrasie in moderne state speel, die grondwette in hierdie state, met die uitsondering van die Duitse grondwet, nie voorsiening maak vir die status, regte, verpligtinge en funksies van hierdie instellings nie. Soos gemeld, word politieke partye hoogstens deur statutêre maatreëls wat normaalweg in regstate voorkom, gebind.

Suid-Afrika is geen uitsondering in hierdie opsig nie. In 'n voordrag aan die Universiteit van Kaapstad gedurende 2010, getiteld "The missing link in our constitution. Political parties in South Africa: The interface between law and politics", het 'n voormalige regter in die Konstitusionele Hof, Kate O'Regan (2010), daarop gewys dat die Suid-Afrikaanse Grondwet bloot die bestaan van politieke partye vermeld, maar weinig rep oor die status, regte, verpligtinge en funksies van hierdie instellings. In artikel 1(d) word slegs gemeld dat "'n veelpartystelsel van demokratiese regering om verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid, en openheid te verseker" 'n grondliggende waarde in die Grondwet is. In artikel 19 van die Handves van Regte word die reg van burgers verskans om politieke partye te vorm en aan hul aktiwiteite deel te neem, insluitende verkiesingsveldtogte.

Verdere terloopse vermeldings van politieke partye in die Grondwet, waarna O'Regan (2010) verwys het, is die verbod op oorlopery ("floor-crossing") in nasionale en provinsiale

wetgewende liggame deur lede van politieke partye; dat die leier van die sterkste party in die opposisie in die Nasionale Vergadering en provinsiale rade “die leier van die opposisie” sal wees; dat die Nasionale Vergadering en provinsiale rade politieke partye finansiëel mag ondersteun; en dat lede van die veiligheidsmagte nie die belange van politieke partye mag bevorder nie.

Die feit dat politieke partye in die meeste demokratiese state nie onderhewig is aan konstitusionele regulering nie, bring mee dat hulle oor ’n groot mate van handelingsvryheid in die uitvoering van hulle funksies beskik. Hierdie vryheid en die moontlike nadele wat dit vir die konsolidering van demokrasie inhou, kan slegs deur die kiesers betoel word. Sou die kieserskorps egter tydens verkiesings versuim om die leierskap tot verantwoording te roep, soos inderdaad in Suid-Afrika tot dusver die geval was, is die optrede van die verskillende elemente van die burgerlike samelewing van kardinale belang.

In hierdie verband, en met spesifieke verwysing na Suid-Afrika, het Adam Habib (2007) die volgende betekenisvolle opmerking gemaak:

These diverse roles and functions undertaken by different elements of civil society, then, collectively create the adversarial and collaborative relationships, the push and pull effects, which sometimes assist and other times compel the state to meet its obligations and responsibilities to its citizenry. The plurality of civil society and the diverse sets of relations that it engenders with the state is thus the best guarantee for the consolidation of democracy in South Africa.

5.3 Die verskillende tipes politiekepartystelsels

In ag genome die rol wat politieke partye in die ontstaan en konsolidering van demokrasie in samelewings speel, is dit belangrik om ook die invloed van politiekepartystelsels te verreken. Volgens die politieke wetenskaplike Steven B. Wolinetz (2004:1–22) kan politieke partye op ’n groot verskeidenheid wyses geklassifiseer word. Die klassifikasie-model wat egter reeds sedert die sestigerjare van die vorige eeu deur die meeste politieke wetenskaplikes wêreldwyd aanvaar word, tref ’n onderskeid tussen eenpartystelsels (gewoonlik ’n aanduiding van ’n outoritêre politieke stelsel), tweepartystelsels, veelpartystelsels en dominantepartystelsels. Betreffende veelpartystelsels word soms ’n verdere onderskeid getref tussen beperkte (“moderate”) en gefragmenteerde veelpartystelsels.

Die politiekepartystelsel in Suid-Afrika is tiperend van ’n dominantepartystelsel. Tekenend is die feit dat die ANC reeds die afgelope vyf algemene verkiesings deur die kiesers as die dominante party aangewys is. Selfs die feit dat die ANC se populêre steun tydens verkiesings afgeneem het van 53% in 1994 tot 36% in 2014 (McKinley 2014), tydens die jongste algemene verkiesing 17 setels in die Nasionale Vergadering prysgegee het, die amptelike opposisie, die Demokratiese Alliansie (DA), se steun met 22 setels toegeneem het, die Ekonomiese Vryheidsvegters (EFF) as ’n betreklik nuwe party 25 setels verower het, en ander opposisieparty gesamentlik 21 setels verower het (City Press 2014), het die algehele prentjie nie wesenlik verander nie.

Gegewe hierdie toedrag van sake ontstaan die vraag: Tot welke mate kan die ANC as dominante party as ’n bedreiging vir die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie en die konsolidering daarvan beskou word? In sy magisterverhandeling het Stuart James Kearsey

(2007:95) bevind dat die dominansie van die ANC in die parlement inderdaad as 'n struikelblok in die konsolidering van demokrasie beskou kan word.

Dit is interessant om egter aan te toon dat vorige ANC-regerings, nieeenstaande die meerderheid waarmee hulle in agtereenvolgende verkiesings aan bewind gestel is, tot dusver nie met daadwerklike optrede vorendag gekom het wat die konstitusionele demokratiese bestel wesenlik sou aantast. Twee onlangse besluite dui egter daarop dat die huidige regering oënskynlik nie van voorneme is om hierdie tradisie voort te sit nie. Eerstens kan verwys word na die aanvaarding van 'n beleidsmaatreël, tydens die 54ste Nasionale Konferensie van die ANC gedurende Desember 2017, ingevolge waarvan die Grondwet en die Handves van Regte gewysig moet word sodat die onteiening van grond (eiendom) sonder vergoeding kan geskied (ANC 2017). Hierdie besluit is geneem nieeenstaande die feit dat die Grondwet reeds vir die onteiening van eiendom in privaatbesit voorsiening maak.

Tweedens was daar die besluit, gedurende Februarie 2018, om steun te verleen aan 'n mosie wat deur die Economic Freedom Fighters (EFF) by die Nasionale Vergadering ingedien is ter wysiging van die Grondwet en die Handves van Regte sodat die onteiening van grond sonder vergoeding kan geskied. Hierdie mosie, wat met 'n tweederde-meerderheid aanvaar is, is na die Konstitusionele Hersieningskomitee verwys wat na afhandeling van 'n proses van openbare oorlegpleging met 'n aanbeveling vorendag sal kom (Gerber 2018).

Alhoewel finaliteit rakende hierdie besluite dus nog nie bereik is nie, het die ANC nietemin daarmee 'n bereidwilligheid gedemonstreer om 'n fundamentele hoeksteen van die bestaande grondwetlike orde aan te tas. Belangwekkend is veral die implikasies wat sodanige optrede deur die ANC inhou vir die wyse waarop politiek tot dusver gedefinieer is. Sou die Grondwet en Handves van Regte wel verander word, sal dit noodwendig meebring dat afstand gedoen sal word van die gevestigde onderhandelings-, konsensus- en kompromisgebaseerde definisie van politiek wat tiperend is van 'n demokrasie, ten gunste van 'n magsgebaseerde definiering van die politiek wat tiperend is van 'n outokrasie. Daar was intussen belangwekkende politieke gesprekke tussen die regering en rolspelers wat die saak kan temper.

Die feit dat hierdie besluite nie alleenlik wesenlik indruis teen die begrip *demokrasie* nie, maar ook strydig is met die beginsels en waardes waarop die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie in die besonder geskoei is, bring mee dat die optrede van opposisiepartye en instellings in die burgerlike samelewing, soos Habib hier bo aangetoon het, in die toekoms van deurslaggewende belang sal wees.

5.4 Die verskillende tipes politieke partye

Dit is nie alleen partystelsels nie, maar ook die aard van politieke partye wat die konsolidering van demokrasie in 'n samelewing beslissend bepaal. Alvorens die Suid-Afrikaanse toepassing gemaak word, is dit nodig om die verskillende tipes politieke partye te identifiseer.

Heywood (2002:249–51) klassifiseer politieke partye soos volg: Eerstens kader- en massapartye. Kaderpartye word oorheers deur 'n klein informele elite of enkele aktiviste, terwyl massapartye daarop ingestel is om 'n breë steunbasis te verkry. Laasgemelde partye word ook soms breë-kerk-partye of alles-vir-almal-partye genoem.

Tweedens verteenwoordigende en integrasionistiese partye. Verteenwoordigende partye is reaktief en pragmaties ingestel en probeer om die grootste moontlike steun onder die kiesers te werf. Integrasionistiese partye is proaktief en probeer om die kieserspubliek se steun te werf deur hul te mobiliseer, op te voed en te inspireer sodat hulle die party se beleidsprogram sal ondersteun.

Derdens konstitusionele of sisteempartye en revolusionêre of antisisteempartye, algemeen bekend as voorpuntpartye). Die konstitusionele of sisteempartye funksioneer binne die bestaande konstitusionele raamwerk en erken die bestaan van ander partye. Verder onderskryf hierdie partye die beginsel van skeiding tussen staat en party en skeiding tussen die regerende party en instellings soos die staatsburokrasie en die regsprekende gesag. Daarteenoor is revolusionêre partye antisisteempartye aan die linker- of regterkant van die politieke spektrum wat probeer om op aktiewe wyse die bestaande konstitusionele orde af te breek. Vir hierdie partye is dit veral belangrik om die skeiding tussen staat en party af te breek deur die skep van sogenaamde partystate.

Laastens linkervleuel-, regtervleuel- en sentristiese partye. Eersgemelde onderskryf kollektiwisme en staatsintervensie in die ekonomie. Die regtervleuelpartye is verbind tot 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel en die erkenning en bevordering van keusevryheid deur elke individu. Soos die naam aandui, is sentristiese partye middewegpartye (ook genoem Derde Weg-partye en hibriede partye) en ondersteuners van 'n sosiaal-demokratiese ekonomiese stelsel wat sowel kollektivistiese kenmerke as kenmerke van 'n kapitalistiese ekonomiese stelsel vertoon.

Die politieke navorsers Richard Gunther en Larry Diamond (2003) het van hierdie klassifikasie-model afgewyk en met 'n nuwe tipologie vorendag gekom. Hulle tref 'n onderskeid tussen soveel as 15 "spesies" politieke partye en doen dit op die basis van drie kriteria: eerstens volgens die aard van die party-organisasie wat sal bepaal of die party elite- of massagebaseerd is; tweedens volgens die programmatiese oriëntasie van die party, wat sal aandui of die party ideologies of kliëntgeoriënteerd is; die derde kriterium bepaal of die party verdraagsaam en pluralisties (demokraties) of protohegemonies (antisistees) is.

Hier bo is verwys na die nuwe tipe politieke partye wat deur Katz en Mair (1995) geïdentifiseer is, naamlik die kartelpartye. Die onderskeidende kenmerk van kartelpartye is dat hulle staatsbronne gebruik om hulle posisie in die politieke stelsel te behou en dat dit op 'n onderduimse wyse gedoen word.

'n Verdere belangrike ontwikkeling rakende die rol van politieke partye in die konsolidering van demokrasie in samelewings was die kragtige oplewing in populisme wêreldwyd en saam daarmee die herlewing van bestaande en opkoms van nuwe politieke partye wat hierdie politieke denkrigting ondersteun. Die hoofmerk van populistiese politieke partye is om die gewone burgers te mobiliseer om, deur direkte optrede, die elite-groepering(s) in die sameleving te opponeer en te konfronteer. Die argument wat aangevoer word waarom sodanige optrede nodig is, is dat die bevoorregte elite korrup is, eiebelang nastreef, nasionale belang versak en sodoende die niekorrupte gewone burgers ("the pure people") benadeel en onderdruk.

Opvallend van populistiese politieke partye is nie alleen die prominente rol wat 'n charismatiese leier speel nie, maar ook die opportunistiese wat aan die dag gelê word. Hierdie

partye sal, ten einde die gewone burgers se steun te mobiliseer, nie skroom om die volgende te doen nie: 'n linkse, regse of sentristiese posisie op die politieke spektrum in te neem; 'n beeld van 'n demokratiese of 'n outoritêre beweging te projekteer; ongeag die gevolge die diversiteit in die samelewing uit te buit; en met leë of vae beloftes vorendag te kom (Munro 2018).

Volgens die politieke sosioloog Matthijs Rooduijn (2015) vertoon eietydse populistiese politieke partye, ondanks hulle uiteenlopende aard, vier uitstaande kenmerke: die beklemtoning van die sentraliteit en opperbelang van die gewone burgers; antagonisme jeens die elite; die beskouing van die gewone burgers as 'n homogene entiteit; en die beklemtoning van 'n maatskaplike, ekonomiese of kulturele krisis wat die gewone burgers in die gesig staar.

Toegepas op eietydse Suid-Afrika blyk dit dat die ANC as regerende party eienskappe openbaar kenmerkend van etlike van bogemelde tipes politieke partye. So byvoorbeeld kan dit as al die volgende gesien word:

- 'n kaderparty (weens die dominante rol van elites en aktiviste)
- 'n alles-vir-almal-party (projekteer sigself as 'n "breë kerk" toeganklik vir almal)
- 'n revolusionêre party (projekteer sigself as 'n bevrydingsbeweging met die strategiese doelwit die skepping van 'n "nasionale demokratiese samelewing" by wyse van 'n "nasionale demokratiese revolusie");
- 'n sentristies-linkse party (propageer oplossing vir die krisis van armoede, werkloosheid, ongelykheid en onderontwikkeling in die samelewing deur die herverdeling van produksiefaktore en die toepassing van staatsgeleide ekonomiese-ontwikkelingsprogramme)
- 'n populistiese party (probeer die steun van veral die gewone swart burgers werf deur die welvaart van die blanke ekonomiese elite wat tydens die koloniale en apartheidsera gevorm is, voor te hou as verantwoordelik vir die armoede-, werkloosheids- en ongelykheidskrisis waarin hierdie bevolkingsgroep verkeer)
- 'n kartelparty (weens die afbreek van skeiding tussen staat en party, vorming van 'n politieke alliansie waarvan selfs 'n vakbondfederasie deel is, en die gebruik van staatsbronne om politieke posisie te behou).

Gegewe hierdie veelsoortige aard van die ANC bestaan daar 'n beduidende moontlikheid dat dit, as regerende party, met beleidsmaatreëls en optrede vorendag kan kom wat die konsolidering van die konstitusionele demokrasie kan benadeel. Hierdie waarskynlikheid word vergroot as in gedagte gehou word dat die party met die derde grootste steun in die Nasionale Vergadering, die EFF, ideologies nou verbind is met die ANC en insgelyks duidelik kategorieerbaar is as 'n kader-, kartel-, populistiese, linkervleuel- en revolusionêre party. Soos hier bo aangetoon, beskik hierdie twee partye saam oor 'n tweederde-meerderheid in die parlement, wat voldoende is om die Grondwet en die Handves van Regte te wysig. Politieke waarnemers wys daarop dat ofskoon formele samesmelting tussen hierdie twee partye oënskynlik nie tans oorweeg word nie, gesprekvoering met die ANC reeds deur die EFF versoek is ten einde 'n "samerwerkende verhouding" tot stand te bring (Munusamy 2018).

Die potensiële bedreiging vir die konsolidering van demokrasie word egter teengewerk deurdat die DA en enkele ander klein opposisiepartye eienskappe vertoon wat kenmerkend is

van massapartye, verteenwoordigende partye, sentristiese partye en konstitusionele partye (sisteempartye). Die betrokke partye sal egter, gegewe die feit dat hulle tans minderheidspartye is en etlike partye interne verdeeldheid ondervind, nie op eie stoom enige moontlike optrede ter verandering van die konstitusionele demokratiese orde deur die ANC en EFF kan voorkom nie. Ten einde hierin enigszins suksesvol te wees, sal hulle steun moet genereer in die gelede van die groot aantal vakbonde, professionele liggame, belangegroeppe, mediagroeppe en sakeforums wat in die burgerlike samelewing bestaan.

5.5 Die wyse waarop kiesers partypolitieke keuses uitoefen

Dit word aanvaar dat die wyse waarop kiesers hulle partypolitieke keuses uitoefen, insgelyks die demokratiese stelsel en die konsolidering daarvan in samelewings betekenisvol beïnvloed. Verskeie modelle is deur Heywood (2002:242–4) ontwikkel om party-affiliasie deur kiesers te verduidelik. Eerstens word die party-identifiseringsmodel vermeld, waar kiesers ’n bereidwilligheid toon om ’n bepaalde party, vanweë hulle sielkundige gebondenheid daaraan, blindelings te ondersteun. Toegepas op Suid-Afrika blyk dit dat alhoewel kiesers se identifisering met die ANC, volgens statistiek verstrekk deur Robert Mattes (2018) in die *South African Citizen Survey* van Desember 2017, afgeneem het van 58% in die tydperk 1994–1995 tot 32% in die tydperk 2014–2017, sommige kiesers se sielkundige gebondenheid aan die ANC steeds beduidend is. Hierdie gebondenheid word toegeskryf aan die party se rol as revolusionêre bevrydingsbeweging oor etlike dekades en die vestiging van die inklusiewe demokratiese bestel (Pilane 2016).

Tweedens verwys Heywood (2002:243) na die sosiologiese model. Kiesers ondersteun ’n bepaalde politieke party op grond van hulle belyning en affiliasie met ’n bepaalde klas, geslag, geloof, streek, of etniese of rassegroep. Wat Suid-Afrika betref, kry die ANC sy steun hoofsaaklik van swart Suid-Afrikaners ongeag etniese verbintenisse, die werkersklas en die meeste provinsies, uitgesonderd die Wes-Kaap. Die DA verkry steun uit alle etniese groeperings en alle provinsies. Dié betrokke party roem selfs daarop dat dit die enigste party in Suid-Afrika is wat die pluraliteit van die samelewing volledig weerspieël (Bendile 2018).

Derdens word die rasonele-keuse-model vermeld. Kiesers ontleed en vergelyk die beleidsprogramme van alle partye wat aan die verkiesing deelneem en doen dan ’n rasonele keuse. Die uitslae van die plaaslike verkiesing van 2016 in Suid-Afrika dui daarop dat die opkomende swart middelklas veral in die hoof metropolitaanse gebiede toenemend bereid is om van hul tradisionele party-affiliasie-patroon afstand te doen en hul partypolitieke keuse op ’n rasonele grondslag uit te oefen of, soos hier onder aangedui sal word, bloot nie aan verkiesing deel te neem nie (BusinessTech 2017).

Laastens is daar die dominante-ideologie-model. Alle kiesers onderskryf ’n bepaalde stel idees en ideale (ideologie) wat die grondslag vorm van ’n ekonomiese of politieke teorie en beleid. Wanneer ’n bepaalde ideologie ’n dominante rol in die samelewing speel, sal die kiesers, vanweë die feit dat hulle ’n sosiale behoefte het om aan ’n groep of “kudde” te behoort, die party wat daardie ideologie onderskryf, ondersteun. As die party boonop heroïese figure of verlossingselemente aan die betrokke ideologie koppel, kan wye steun gestimuleer word. In Suid-Afrika was die ANC se rol as die hoofrolspeler in die nasionale bevrydingstryd teen apartheid onder die leierskap van etlike heroïese leiers, sy verbintenis tot die toepassing van die Vryheidsmanifes, en sy rol as voorstander van die totstandbrenging van ’n “nasionale demokratiese samelewing” by wyse van ’n “nasionale demokratiese

revolusie”, primêr daarvoor verantwoordelik dat hierdie party tydens die afgelope vyf algemene verkiesings as die dominante party deur die kiesers aan bewind gestel is (Pilane 2016).

5.6 Die ligging of setel van mag in politieke partye

Gegewe die belangrike rol wat politieke partye in die oorgang na en konsolidering van demokrasie in samelewings speel, is dit belangrik om aan te dui waar mag in sodanige instellings gesentreer is. Politieke wetenskaplikes en sosioloë wat die ligging van mag in politieke partye bestudeer het, het met ’n belangwekkende bevinding vorendag gekom. Daar is bevind dat alhoewel intrademokrasie in demokratiese politieke partye voorkom, een enkele charismatiese persoon of ’n klein elite in die leierskap steeds ’n dominante rol speel (Heywood 2002:256).

Een van die eerste pogings om intrademokrasie in politieke partye te ondersoek is in 1902 onderneem deur die Russiese politieke wetenskaplike Moisei Ostrogorski (Heywood 2002:256). Dit was egter die Duitsgebore Italiaanse sosioloog Robert Michels wat in 1911 met die idee van die “ysterwet van oligargie” vorendag gekom het. Sy perspektief word algemeen beskou as een van die mees diepgaande teoretiese vernuwings betreffende die interne dinamika in alle demokratiese instellings en demokratiese politieke partye in die besonder. Volgens Michels, soos aangehaal deur Caverly (2014) en Sluyter-Beltrão (2018), is daar in alle demokratiese politieke partye ’n onvermydelike en onafwendbare geneigdheid tot die vorming van ’n oligargie (regering deur enkeles).

Hierdie verskynsel word veroorsaak deurdat demokratiese politieke partye, ten einde mededingend in verkiesings te wees en die gekose beleidsprogram uit te voer, genoodsaak is om ’n interne hiërargie daar te stel wat gelei word deur die elites wat as die beleidsimplementeerders en veldtogbestuurders moet optree. Verder het Michels verklaar dat nie alle deelnemende strukture en demokratiese politieke partye hierdie oligargiese tendens kan uitskakel of voorkom nie; hulle kan hoogstens probeer om die uitwerking daarvan te versag.

In outoritêre politieke stelsels is die ysterwet van oligargie geformaliseer by wyse van die Leninistiese organisatoriese stelsel bekend as demokratiese sentralisme. Ingevolge hierdie stelsel is besluitneming in die enkele party wat toegelaat word om in die samelewing te bestaan, in enkele persone gesentraliseer en bindend vir alle lede. Interne bespreking word wel toegelaat, maar finale besluite is onderhewig aan sentrale beheer (Ball en Dagger 2018). Dit is interessant om aan te toon dat die ANC, nieteenstaande die feit dat dit die regerende party in die Suid-Afrikaanse konstitusionele demokrasie is, steeds die stelsel van demokratiese sentralisme in interne besluitneming toepas (Makhele 2018).

In hulle belangwekkende nuutverskene publikasie getiteld *Authoritarianism and the elite origins of democracy* het Michael Albertus en Victor Menaldo (2018) deur data wat regoor die wêreld versamel is en ’n tydperk van meer as 200 jaar dek, bevind dat in politieke stelsels waarin ’n oorgang plaasgevind het vanaf outoritarisme na demokrasie, konstitusionele instrumente (“constitutional tools”) gebruik word om die voortsetting van elite-dominasie, elite-beskerming en selfs elite-bevoordeling te verseker.

Demokratiese politieke partye in die eietydse internasionale stelsel het as gevolg van openbare druk met talle pogings vorendag gekom om die uitwerking van oligargiese tendense te versag. Die primêre oorweging en motivering was die waarskuwing van lord John Acton dat magtige politieke leiers (“great men”) bykans sonder uitsondering slegte leiers is omdat politieke mag korrupsie veroorsaak en absolute mag absolute korrupsie (Acton Institute 2018). Van die belangrikste pogings in hierdie verband – meestal sonder beduidende sukses – was die organisering van partye op ’n federale grondslag en die instelling van voorverkiesings (“primaries”) en deelname aan besluitneming deur partykoususse, partykongresse, partykonvensies, integriteitskomitees en kieskolleges (Heywood 2002:257).

Soos die geval met demokratiese politieke partye wêreldwyd, is ook alle Suid-Afrikaanse politieke partye onderhewig aan oligargiese tendense. Alhoewel na tientalle voorbeelde verwys kan word, is die oorheersing van die ANC deur oudpresident Zuma gedurende beide sy bewindstydperke waarskynlik die mees treffende illustrasie. Deur die toepassing van neopatrimonialisme het hy nie alleen die ANC in ’n tipe kartelparty omskep nie, maar ook die bronne en instellings van die staat aangewend om partikuliere en partybelange te bevorder. Dit is interessant om te meld dat hy hierin geslaag het nieetenaande die feit dat die ANC nie alleen beskik oor ’n omvattende organisatoriese vorm van populêre deelname van takke vir partystruktuurverkiesings en afvaardigings na streeks-, provinsiale en nasionale kongresse en strukture nie, maar ook institusioneel beheer word deur die “Groot Ses”, oftewel die Nasionale Uitvoerende Komitee (NUK).

Ironies genoeg sou Zuma egter uiteindelik self die slagoffer word van die meedoënlose werking van die ysterwet van oligargie. Die gebeure na afloop van die verkiesing van Cyril Ramaphosa in Desember 2017 as president van die ANC dien ter illustrasie. Vanweë die feit dat die ANC nie algemene verkiesings en nasionale konferensies vir die verkiesings van die partyleierskap met mekaar belyn nie, is hy tot hierdie posisie verkies alhoewel Zuma se ampstermyn eers in 2019 sou verstryk het. Die twee magspole wat deur hierdie verkiesing binne die ANC geskep is, sowel as die aanvaarding van verskeie nuwe beleidsmaatreëls en ’n nuwe uitvoerende struktuur, het ’n verwisseling van elites onvermydelik gemaak. Die uiteinde was dat Zuma deur die ANC se nuutverkose NUK “herroep” is. Alhoewel hy aanvanklik geweier het om aan die NUK se opdrag gehoor te gee, moes hy uiteindelik teësinning die knie buig en is Ramaphosa as sy opvolger en president van Suid-Afrika aangewys.

Dit wil egter voorkom asof Zuma nie die verwydering uit sy amp gelate sal aanvaar nie. Twee sienings deur waarnemers in hierdie verband is insiggewend. Eerstens is daar die siening van Susan Booysen (2018) dat Zuma, gesteun deur “magte uit sy verlede”, sedert sy herroeping steeds besig is met ’n veldtog om Ramaphosa te verhoed om sy amp voort te sit en die steun van die kiesers te mobiliseer met die oog op die verkiesing van 2019. Tweedens is daar die siening deur die politieke kommentator Justice Malala (2018) dat die Zuma-faksie tans oor ’n breë front besig is met onderduimse optrede (“a dirty war”) om die plundering, patronaatnetwerke en straffeloosheid (“impunity”) van die afgelope 10 jaar voort te sit. Dit is egter ’n ope vraag of Zuma in sy oënskynlike verset-aksie suksesvol sal wees. As in gedagte gehou word dat hy reeds deur die NUK herroep is, is die waarskynlikheid groot dat die ysterwet van oligargie dit sal verhoed.

5.7 Die verskillende persoonlikheidstipes in die geledere van partypolitiese leiers

Gegewe die belangrike rol wat politieke partye en verkiesings in die konsolidering van demokrasie in samelewings speel, is dit belangrik om die verskillende politiekepersoonlikheidstipes in die geledere van partypolitiese leiers te identifiseer. Hierdie besondere aspek is aan omvattende navorsing deur sielkundiges onderwerp en het 'n verskeidenheid politiekepersoonlikheidstipes in die kollig geplaas wat die lotgevalle van 'n demokratiese orde beslissend kan beïnvloed.

Die Amerikaanse sielkundige David Rosen (2013) het ses politiekepersoonlikheidstipes geïdentifiseer. Eerstens vermeld hy die narsistiese persoonlikheidstipe. Hierdie persoonlikheidstipe het 'n hoë selfbeeld; is 'n aandagsoeker; is 'n ekshibisionis; is 'n leuenaar; is 'n uitbouter van ander; en is 'n sondeboksoeker wanneer besluite skeefloop. Sulke persone is gewoonlik nie goeie besluitnemers nie, maar hulle charismatiese persoonlikhede veroorsaak dat hulle as sterk leiers na vore tree.

Tweedens identifiseer Rosen die obsessief-kompulsiewe persoonlikheidstipe. Politieke leiers met hierdie tipe persoonlikheid is hardwerkend, ambisieus en gebonde aan etiese norme en het 'n behoefte aan akkurate inligting ten einde oorwoë besluite te neem. Alhoewel sulke persone uitstekend vaar in beleidformulering, is hulle swak leiers, veral in krisissomstandighede.

Die derde tipe politieke persoonlikheid is die Machiavelliaanse tipe. Sulke persone is meestermanipuleerders met die uitsluitlike doel om eiebelang te bevorder. Machiavelliane stel meer belang in die resultate as in die spelwyse. Etiese en morele oorwegings speel geen rol in beleidformulering en besluitneming nie. Om eiebelang te bevorder en as “wenner” na vore te tree is allesoorheersend; die res is onderhandelbaar.

Vierdens is daar die outoritêre persoonlikheidstipe. Hierdie persone is onderdanig aan meerderes, kompetend met eweknieë en dominerend teenoor ondergeskiktes. Groot waarde word geheg aan kragdadigheid en die gebruik van brute mag. Verder is hulle genadeloos, konserwatief, reëlgeoriënteerd en bevooroordeel teenoor laestatusgroepe.

Die vyfde persoonlikheidstipe wat Rosen onderskei, is die paranoïese tipe. Die paranoïese persoonlikheid is geheimsinnig, agterdogtig, geneig tot sameswering, wantrouig en wraaksugtig. Streng gesproke is die paranoïese fantasieë van hierdie persoonlikheidstipe 'n weerspieëling van 'n diepgezetelde minderwaardigheidsgevoel.

Volgens Rosen is die laaste tipe politieke persoonlikheid die totalitêre tipe. Hierdie tipe persoonlikheid is, vanweë die dramatiese toename in die getal state wat hulle gedurende die afgelope paar dekades tot demokrasie verbind het na die verval van marxisties-leninistiese outoritarisme, 'n rare verskynsel. Slegs enkele voorbeelde kan geïdentifiseer word. Kenmerkend van hierdie tipe persoonlikheid is die aandrag op absolute onderdanigheid van ondergeskiktes; 'n vaste geloof in hulle eie onfeilbaarheid; magsuitoefening deur 'n kombinasie van inboeseming van ontsag, terreur en die uitbuiting van die liggelowigheid van volgelingen. Die wesenskenmerke van die totalitêre persoonlikheid is die ontwikkeling van 'n persoonlikheidskultus, die verwerping van weersprekende feite, en fanatisme.

In sy ontleding van die verskillende persoonlikheidstipes wat aan die politieke proses deelneem, het die befaamde politieke wetenskaplike Robert Dahl (1984:111–2) die volgende faktore geïdentifiseer wat nie alleen politieke leiers nie, maar ook die burgers, se oriëntasie jeens die politieke proses beïnvloed:

- persoonlikheid of karakter
- die politieke kultuur wat met ander individue in die samelewingsverband (dorp, stad, etniese groep, ens.) gedeel word
- vroeë politieke oriëntasies en hoe dit verkry is (politieke sosialisering)
- persoonlike ervarings
- die omstandighede wat op enige gegewe moment in die gesig gestaar word of die oortuiging/persepsie dat sekere toestande in die gesig gestaar word. (Vir politieke besluitnemers is persepsies meermale van groter belang as die werklikheid.)

Op grond van die invloed van hierdie vyf faktore het Dahl (1984:112–9) die volgende vier politiekepersoonlikheidstipes en die belangrikste kenmerke wat tiperend van elkeen is, geïdentifiseer: Eerstens vermeld hy die demokratiese persoonlikheid. Hierdie tipe persoonlikheid het 'n ontwikkelde sin vir eiewaarde; het respek vir die waarde en waardigheid van ander; beklemtoon persoonlike outonomie en wantrou persone en instellings wat oor baie mag beskik; aanvaar verskille met ander leiers in die samelewing; onderskryf 'n onderhandelings- en 'n konsensusgebaseerde beskouing van die politieke proses; beklemtoon verskeie waardes eerder as 'n enkele allesoorheersende oortuiging; en toon bereidwilligheid om die algemene belang te dien eerder as die bevordering van gierige eiebelang.

Tweedens onderskei Dahl die despotiese of outoritêre persoonlikheid. Hierdie tipe persoonlikheid is rigied konvensioneel, onderdanig aan en onkrities ingestel teenoor gesagsinstellings, aggressief teenoor persone wat konvensionele reëls en waardes verbreek, en gekant teen 'n subjektiewe, verbeeldingryke en positiewe lewens- en wêreldbeskouing; onderskryf 'n mags- en geweldgebaseerde definisie van die politieke proses; het geen erg aan regsowereniteit nie, geen sensitiwiteit vir die welsyn van die samelewing nie, en is behep met die bestaan van allerhande samesweringsteorieë en onderduimse komplotte.

Die derde tipe politieke persoonlikheid is die agitator. Die agitator is by uitstek daarop ingestel om 'n emosionele reaksie by die publiek te ontlok, irritasie te veroorsaak (“rub[bing] the fur the wrong way”), geen teenstand te duld nie, en opponente deurentyd daarvan te beskuldig dat hulle in kwader trou optree; is ongedissiplineerd, agterdogtig, bereid om selfopofferend te wees ter wille van bepaalde beginsels, en bereid om mense op te stook om te protesteer en te rebelleer; aarsel nie om kwetsend en sarkasties teenoor ander op te tree.

Vierdens word die onderhandelaar geïdentifiseer. Die onderhandelaar is 'n konsensussoeker, verbind tot die sluiting van kompromieë, 'n beplanner, vertrouwd met die belangrikste kwessies in die samelewing asook die oplossings daarvoor, sensitief vir die openbare mening, en 'n goeie kommunikeerder; het 'n sterk ooredingsvermoë, integriteit, 'n goeie oordeelsvermoë, en hoë intelligensie.

Die rol en invloed van die persoonlikheidseienskappe van Suid-Afrikaanse politieke leiers in die demokratiese oorgangsproses gedurende die vroeë 1990's is bekend. Dié oorgang sou waarskynlik nie moontlik gewees het sonder die deurslaggewende rol wat leiers soos oudpresident Mandela en oudpresident De Klerk gespeel het nie. Beide het daardie

eienskappe openbaar wat kenmerkend is van die demokratiese persoonlikheid en die onderhandelaar. Dieselfde bevinding kan gemaak word met betrekking tot oudpresident Mbeki en sy rol in die konsolidering van die demokratiese bestel gedurende sy bewindstydperk. Soos sy voorgangers het hy insgelyks die eienskappe openbaar wat tiperend is van die demokratiese persoonlikheid en die onderhandelaar.

In skrilte kontras met voormelde leiers het oudpresident Zuma egter, volgens Rosen se klassifikasie-model, die tipiese eienskappe openbaar van die Machiavelliaanse politieke persoonlikheid. Dat hy gedurende beide sy bewindstydperke die bevordering van eiebelang as van primêre belang sou beskou en die konsolidering van die demokratiese bestel as van sekondêre belang, blyk uit sy vertikale verspreiding van staatsbronne deur die vestiging van uitgebreide begunstiger-kliënt-netwerke (patronaatnetwerke) en staatskaping.

5.8 Die leierskapstyle deur partypolitieke leiers toegepas

Soos met al die faktore hier bo vermeld, het die leierskapstyl deur 'n partypolitieke leier toegepas ook 'n beduidende invloed op die konsolidering van demokrasie in samelewings. Leierskapstyl verwys, volgens Heywood (2002:352), na die strategieë en gedragspatrone waardeur 'n leier probeer om sy/haar doelwitte te verwesenlik. Verskeie faktore bepaal die keuse van 'n bepaalde strategie, waaronder die persoonlikheidseienskappe en doelwitte van die leier; die institusionele raamwerk waarbinne die leier funksioneer; die wyse waarop die leier mags- en gesagsposisies verwerf; die massakommunikasiemiddele beskikbaar; en die breë politieke kultuur.

Die stigter van die Legacee Academy in Los Angeles en kundige rakende leierskapvaardighede, Murray Johannsen (2018), identifiseer soveel as 12 leierskapstyle. Hy definieer leierskapstyl as 'n stel gedragseienskappe wat bewustelik deur leiers gekies word ten einde aan te pas by die situasie of uitdaging wat hanteer moet word. Wanneer die situasie of uitdaging verander, verander die leierskapstyl saam daarmee.

In die geledere van politieke wetenskaplikes en politieke sielkundiges bestaan daar nie eenstemmigheid oor die verskillende leierskapstyle wat deur politieke leiers in demokratiese samelewings toegepas word nie. Die volgende drie leierskapstyle word egter deur Heywood (2002:352–4) as die dominante tipes beskou: Eerstens is daar die laissez faire-leierskapstyl ingevolge waarvan die leier probeer om harmonie en spanwerk te bewerkstellig deur die verbreding en uitbreiding van verantwoordelikhede aan ondergeskiktes. Tweedens kan die transaksionele leierskapstyl onderskei word. Transaksionele leiers tree pragmaties op en probeer om samewerking tussen botsende groeperings en belange te bewerkstellig. Die derde tipe is die transformasionele leierskapstyl. Die transformasionele leier probeer sy/haar doelwitte realiseer deur ondergeskiktes te motiveer om 'n bepaalde visie na te streef.

Dit is interessant om daarop te wys dat in 'n ontleding van 45 laissez faire-, transaksionele en transformasionele leiers die sielkundiges Eagly, Johannesen-Schmidt, en Van Engen (2003) bevind het dat vroulike leiers meer geneig is om 'n transformasionele leierskapstyl toe te pas as manlike leiers. Laasgenoemde toon 'n groter geneigdheid tot die toepassing van laissez faire- en transaksionele leierskapstyle.

Wanneer die Suid-Afrikaanse toepassing gemaak word met betrekking tot hierdie drie leierskapstyle deur politieke leiers en die invloed op die konsolidering van demokrasie, is dit

duidelik dat, vanweë die kompleksiteit en diversiteit van die samelewing en die eise wat dit aan die politieke leierskap stel, die meerderheid prominente Suid-Afrikaanse politieke leiers as transaksionele asook transformasionele leiers getipeer kan word.

6. Die rol van politieke verkiesings en kiesersgedrag in die konsolidering van demokrasie in eietydse Suid-Afrika

6.1 Die aard van verkiesings

Soos in die geval van politieke partye speel ook politieke verkiesings 'n deurslaggewende rol in die vestiging en konsolidering van demokrasie in enige gegewe samelewing. 'n Politieke verkiesing is 'n formele besluitnemingsproses waardeur die volwasse stemgeregtigde lede van 'n demokratiese samelewing individueel in die geledere van die deelnemende en mededingende politieke partye verkies om openbare ampte in die uitvoerende- en wetgewendegesagsinstellings op nasionale, streeks- en plaaslike vlak te beklee. Reeds vir die afgelope paar eeue is verkiesings die aanvaarde metode waarvolgens moderne verteenwoordigende demokrasieë funksioneer (King 2000).

Volgens Gibbens, Webb en Eulau (2018) kan die volgende tipes politieke verkiesings onderskei word:

- 'n verkiesing om ampsbekleërs aan te wys
- 'n verkiesing om ampsbekleërs te herroep
- 'n referendum ('n direkte uitspraak deur die burgers oor 'n belangrike voorstel; ook as sinoniem met *plebissiet* beskou; kan adviserend of verpligtend vir die regering wees)
- 'n burgerlike inisiatief (aktiewe optrede deur die burgers geïnisieer ten einde 'n belangrike kwessie op die agenda te plaas).

6.2 Die belangrikheid en funksies van verkiesings

Die belangrikheid van politieke verkiesings is daarin geleë dat dit die grondslag vorm waarvolgens demokratiese regering in moderne demokratiese samelewings moontlik gemaak word. Die navorser Fuad Afgan (2016) beskou politieke verkiesings dan ook heel tereg as die wesenskenmerk van demokrasie. Die navorser Berouk Mesfin (2008) sluit hierby aan en beskou verkiesings as die hoeksteen van enige demokrasie ongeag of dit 'n gevestigde of 'n brose ("fragile") demokrasie is. Gegewe die feit dat, vanweë die grootte en kompleksiteit van moderne demokratiese samelewings, direkte deelname deur die burgers in die regeerproses onprakties en onmoontlik is, kan demokratiese regering inderdaad alleen deur verkose verteenwoordigers geskied.

In die lig daarvan dat die literatuur wemel van tientalle beskrywings rakende die belangrikheid en funksies van politieke verkiesings in demokratiese samelewings, sal in hierdie artikel volstaan word met die opsomming van Timothy Sisk (2017) betreffende die funksies van verkiesings. In 'n voorlegging aan die International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA) in Stockholm, getiteld "Elections, electoral systems and party

systems” meld hy dat verkiesings in demokrasieë die volgende vier belangrike funksies vervul:

- Die legitimering van die regeergesag. In wese beteken dit dat die verkiesing van die regeergesag in die demokratiese samelewing vry moet wees van korrupsie, intimidasie en beperkings op die uitoefening van keuse.
- Die uitoefening van verantwoordbaarheid. Dit is by wyse van verkiesingsprosesse dat politieke leiers deur die burgers verantwoordbaar gehou word om nie alleen veiligheid te verseker nie, maar ook daardie goedere en dienste te lewer wat noodsaaklik is vir die skep van ’n stabiele omgewing waarin sosio-ekonomiese ontwikkeling kan geskied.
- Die aanwysing van verteenwoordigers. Die aanwysing van verteenwoordigers geskied normaalweg op formele wyses, soos deur die benoeming van kandidate en/of die opstel van lysie deur politieke partye. Verteenwoordiging kan egter ook ’n dieper betekenis hê in terme van hoe individue en instellings ’n aanduiding verskaf van dit wat hulle wil verteenwoordig. In hierdie verband kan verteenwoordiging ideologies, geografies, etnies, rasgebaseerd, godsdienstig, sektaries of omgewingsproteksionisties aangebied word.
- Die artikulasie van keuses en samevoeging van voorkeure. Politieke verkiesings verleen betekenis aan die beginsels van politieke gelykheid en burgerlike beheer in ’n demokrasie. Verder help verkiesings mee tot die opvoeding van die kiesers deur die bepaling van gemeenskaplike agendas, die definiëring van kwessies, die aanbieding van alternatiewe en die stimulering van mededinging.

Sedert die oorgang na ’n inklusiewe demokrasie in Suid-Afrika in 1994 het vyf algemene verkiesings reeds plaasgevind. Alhoewel hierdie verkiesings daarin geslaag het om sommige funksies soos hier bo vermeld uit te oefen, was daar een belangrike uitsondering: die versuim deur die kieserspubliek tydens die afgelope vier verkiesings om die politieke leierskap tot verantwoording te roep betreffende die versekering van veiligheid en die lewering van daardie goedere en dienste wat noodsaaklik is vir die skep van ’n stabiele omgewing waarin sosio-ekonomiese ontwikkeling kan geskied.

Die omvang van die versuim deur die kiesers om die politieke leierskap verantwoordbaar te hou blyk duidelik wanneer die huidige veiligheids- en sosio-ekonomiese toestand in Suid-Afrika in oënskou geneem word. Tekenend is, onder meer, die

- hoë voorkoms van misdaad en saam daarmee die wanfunksionering van die strafregstelsel
- hoë werkloosheidsyfer, veral onder jeugdige
- voorkoms van sistemiese en endemiese korrupsie
- afwesigheid van of gebrekkige dienslewering
- wanbestuur en wanfunksionering van etlike provinsiale owerhede
- wanbestuur en wanfunksionering van daardie staatsbeheerde ondernemings van kritieke belang vir sosio-ekonomiese ontwikkeling
- wanbestuur en wanfunksionering van die meeste plaaslike owerhede
- stadige ekonomiese groei
- afgradering van Suid-Afrika se beleggingstatus deur die leidende internasionale graderingsagentskappe
- wydverspreide armoede

- swak onderwys- en opleidingstelsel
- ongelykheid in die samelewing, wat tans as die mees ongelyke ter wêreld beskou word.

Waarskynlik die beste aanduiding van die kiesers se versuim om die vorige politieke leierskap verantwoordbaar te hou, is die erkenning deur president Ramaphosa gedurende Junie 2018 dat die staatsbestuur (“governance”) in Suid-Afrika besig is om in duie te stort (Madia 2018).

Dit dien gemeld te word dat die Zuma-regering wel in 2012 met die Nasionale Ontwikkelingsplan 2030 vorendag gekom het ten einde infrastruktuur- en sosio-ekonomiese ontwikkeling te versnel. Die inwerkingstelling van hierdie plan het egter om verskeie redes, waaronder die afwesigheid van ’n ontwikkelings- en prestasiegedrewe politieke leierskap, grootliks agterweë gebly. Verder kan gemeld word dat elemente in die burgerlike samelewing wel met omvangryke protesoptrede vir beter dienslewering vorendag gekom het. Die destruktiewe, gewelddadige en kriminele gedrag wat tydens hierdie tipe protesaksie gedemonstreer is, het egter meermale daartoe bygedra dat owerheidsinstellings nie positief op hulle griewe gereageer het nie.

Gegewe die feit dat ’n staat se ekonomiese stelsel in die algemeen, asook die rol van die staat in sosio-ekonomiese ontwikkeling in die besonder, deur Linz en Stepan (1996) asook David Beetham (1994) as noodsaaklik vir die konsolidering van demokrasie in samelewings beskou word, is die swak Suid-Afrikaanse sosio-ekonomiese toestand en die onvervulde verwagtings wat dit tot gevolg het, sorgwekkend.

Die redes vir die versuim deur die kieserskorps om die politieke leierskap verantwoordbaar te hou, asook die afmetings wat dit tydens die afgelope verkiesings aangeneem het, sal hier onder verder toegelig word.

6.3 Die vervreemding (“disconnect”) tussen kiesers, politieke partye en verkiesings

Soos in etlike teoretiese perspektiewe hier bo weerspieël, is dit een van die uitstaande kenmerke van eietydse demokratiese samelewings wêreldwyd dat daar tussen kiesers, politieke partye en verkiesings ’n vervreemding (“disconnect”) ingetree het. In ’n publikasie vir die reeds genoemde IDEA in Stockholm getiteld “Voter turnout trends around the world” wys Abdurashid Solijonov (2016) daarop dat reeds sedert 1990, ondanks die dramatiese toename in die getal demokrasieë na die ineenstorting van marxisties-leninistiese outoritarisme, deelname deur kiesers aan verkiesings regoor die wêreld ’n skerp afname toon.

Vrae wat onmiddellik ontstaan is: Waaraan kan hierdie wydverspreide vervreemding tussen kiesers, politieke partye en verkiesings toegeskryf word? Wie of wat is daarvoor verantwoordelik? Wat is die implikasies daarvan vir die konsolidering van demokrasie? Is moderne demokratiese politieke partye, soos Kay Lawson (2010) bevind het, tans vasgevang in ’n fase van “dedemokratisering”? Moet die politieke leierskap, die verkiesingstelsels of die kieserspubliek die blaam dra? Gegewe die feit dat demokrasie tradisioneel gedefinieer word as “regering van, deur en vir die burgers” is die antwoord voor die hand liggend. Die politieke leierskap moet, soos hier bo aangetoon, voortdurend tydens verkiesings deur die kiesers tot verantwoording geroep word. Indien hulle sou versuim om hierdie funksie te

vervul, is die ontstaan van verskynsels soos kartelpartye, dedemokratisering en neopatrimonialisme inderdaad onafwendbaar.

Die beginsel van regering deur die burgers lê ook aan die kern van sosiale-kontrak-teorie wat, sedert die beslaggewing daaraan deur die Britse filosoof Thomas Hobbes (1588–1679), algemeen aanvaar word as die mees invloedryke en dominante teorie oor die ontstaan en funksionering van die moderne demokratiese staat. Sou die regering as die agent van die staat in sy taak faal om responsiwiteit te toon vir die belange van en keuses deur die burgers, is laasgenoemde kontraktueel bemagtig om die regering met 'n ander regering te vervang. Vanuit hierdie perspektief beskou moet verskynsels soos kaderpartye, revolusionêre partye, kartelpartye en selfs die vervreemding tussen kiesers en die politieke leierskap in moderne demokrasieë beskou word as manifestasies van 'n onderontwikkelde demokratiese politieke kultuur.

In eietydse Suid-Afrika is die vervreemding tussen kiesers, politieke partye en verkiesings veral onder jeugdiges prominent. Volgens 'n opname deur die Suid-Afrikaanse Instituut vir Rasse-aangeleenthede (SAIRA) gedurende 2014 het sowat 44% van ondervraagdes in die ouderdomsgroep 18 tot 34 aangedui dat hulle nie van voorneme is om aan die nasionale en provinsiale verkiesing deel te neem nie (News24 2014). As in gedagte gehou word dat jeugdige onder die ouderdom van 35 jaar sowat 66% van die Suid-Afrikaanse bevolking vorm, kan hierdie uitsonderlik hoë persentasie as 'n ernstige bedreiging vir die konsolidering van demokrasie beskou word (The Citizen 2016).

Die navorser Lauren Tracey (2016) het bevind dat gedurende die verkiesing van 2014 slegs 33% van Suid-Afrikaanse jeugdige in die ouderdomsgroep 18 tot 19 jaar as kiesers geregistreer het. Verder het sy bevind dat ontnugtering met die hoë werkloosheidsyfer, korrupsie, gebrekkige infrastruktuur en 'n swak opvoedkundige stelsel die vier hoofredes was waarom hierdie jeugdige hulle nie verwerdig het om as kiesers te registreer nie.

Die omvang van die politieke vervreemding in Suid-Afrika is egter nie beperk tot jeugdige nie, maar is kenmerkend van die totale kieserskorps. Aanduidend hiervan is nie alleen die daling in stempersentasies nie, maar ook die toename in die wegblystelsel tydens algemene verkiesings sedert 1994. Volgens inligting wat deur die onafhanklike navorser en skrywer Dale McKinley (2014) ingewin is, blyk die volgende:

- In die verkiesing van 1994 het van die 23 063 910 stemgeregtigde kiesers 85,53% aan die verkiesing deelgeneem, terwyl die oorblywende 3 337 300 (14,47%) nie gestem het nie.
- In die verkiesing van 1999 het van die 25 411 573 stemgeregtigde kiesers 62,87% (15 977 142) deelgeneem, terwyl die oorblywende 37,13% (9 434 431) nie gestem het nie.
- In die verkiesing van 2004 het van die 27 994 712 stemgeregtigde kiesers 55,77% (15 612 671) deelgeneem, terwyl die oorblywende 44,23% (12 382 041) van die stembus weggebly het.
- In die verkiesing van 2009 het van die 30 224 145 stemgeregtigde kiesers 59,29% (17 919 966) deelgeneem, terwyl die oorblywende 40,71% (12 304 179) nie deelgeneem het nie.
- In die verkiesing van 2014 het van die 31 434 035 stemgeregtigde kiesers 59,34% (18 654 457) deelgeneem, terwyl 40,66% (12 779 578) die stembus vermy het.

'n Belangwekkende feit wat deur McKinley (2014) beklemtoon word, is dat terwyl die stemgeregtigde kieserspubliek in Suid-Afrika gedurende die eerste 20 jaar van demokrasie met 8,4 miljoen toegeneem het, die getal stemgeregtigde kiesers wat verkies het om van die stembus weg te bly, met 9,4 miljoen toegeneem het. Ewe belangwekkend is die feit dat gedurende die tydperk 1994 tot 2014 die steun van die regerende ANC onder die geregistreerde kiesers afgeneem het van 53,1% in 1994 (12 237 655) tot 36,39% (11 436 921).

Die belangrikste redes vir hierdie vervreemding hou primêr verband met die ontnugtering wat in samelewings bestaan oor die arbitrêre, arrogante, onetiese, bedrieglike en korrupte wyse waarop talle politici die mag waarmee hulle deur die kiesers bekleed is, uitoefen. Met betrekking tot Suid-Afrika het die Stigting vir Menseregte tydens 'n opname wat in 2016 gedoen is, bevind dat onder ongeveer 25 000 Suid-Afrikane, 65% nie langer die parlement as 'n instelling beskou wat sy verantwoordingspligtigheid nakom nie (TimesLive 2018).

In dieselfde trant het die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing (RGN) in die "South African social attitudes survey, 2016" bevind dat nieteenstaande die feit dat 200 politieke partye en 61 014 kandidate aan die plaaslike verkiesing deelgeneem het, 57% van Suid-Afrikane aangedui het dat hulle ontevrede is met die politieke leierskap. Slegs 28% het hulle tevredenheid aangedui. Veral veelseggend was die persepsie van Suid-Afrikane dat politici verkiesings bloot beskou as 'n geskarrel om bronne te bekom en dat hulle oortuig is dat die konsolidering van demokrasie nie onder sodanige omstandighede kan geskied nie (Dodds 2016).

Ten einde die nodige perspektief te verleen is dit belangrik om daarop te wys dat die versuim van kiesers om die politieke leierskap verantwoordbaar te hou deur hulle nedeelname aan verkiesings, nie tot Suid-Afrikaanse kiesers beperk is nie. In die VSA byvoorbeeld het 42% van die stemgeregtigde kiesers nie aan die verkiesing van 2016 deelgeneem nie (Desilver 2017).

6.4 Die verskillende tipes verkiesingstelsels

Alhoewel Richard S. Katz (1997) in sy werk *Democracy and elections* aantoon dat geeneen van die bestaande verkiesingstelsels al die kernwaardes van 'n demokrasie kan bevredig nie, vervul 'n verkiesingstelsel steeds 'n beslissende rol in die konsolidering van demokrasie in enige samelewing. Die keuse van 'n verteenwoordigingstelsel in 'n staat is normaalweg 'n weerspieëling van daardie staat se besondere kulturele, maatskaplike, historiese, politieke en ideologiese eienskappe en omstandighede.

In die eietydse internasionale stelsel is daar 'n verskeidenheid tipes verkiesingstelsels wat gebruik word. Selfs binne state kan verskillende verkiesingstelsels in sekere streke of op regeringsvlakke (vanaf skoolbeheerliggame tot stads- en streeksregerings) onderskei word. Gegewe die magdom literatuur beskikbaar oor verkiesingstelsels sal in hierdie artikel van die uiteensetting van Charles King (2000) en Andrew Reynolds, Ben Reilly en Andrew Ellis (2008:35–120) gebruik gemaak word. Hierdie navorsers tref 'n onderskeid tussen vier tipes verkiesingstelsels.

6.4.1 Die pluraliteitsverkiesingstelsel

Hierdie tipe verkiesingstelsel staan ook bekend as die eerste-verby-die-wenstreep-stelsel, wennen-neem-alles-stelsel en relatiewe-meerderheid-stelsel. Ingevolge hierdie stelsel word dit nie van die suksesvolle kandidaat in 'n verkiesing verwag om 'n meerderheid van die uitgebragte stemme (meer as 50%) te verkry nie. Die suksesvolle kandidaat moet bloot meer stemme as enige van die ander deelnemende kandidate verwerf. Die stelsel word toegepas in enkellidkiesafdelings en elke kieser beskik oor slegs een stem.

Die voordeel van die pluraliteitstelsel is dat dit tot die ontstaan van betreklik stabiele politieke stelsels aanleiding gee en tipies deur twee politieke partye oorheers word. Hierdie verskynsel, wat deur die Franse regsgeleerde Maurice Duverger waargeneem en beskryf is, staan bekend as Duverger se Wet. Die nadeel verbonde aan die betrokke stelsel is dat dit nie die belange van alle kiesers dien nie. Dit kan selfs gebeur dat die meeste kiesers teen die kandidaat wat uiteindelik as wennen aangewys word, gestem het. 'n Verdere nadeel is dat die stelsel tot die proporsionele oorverteenvoordiging van die wenparty in die wetgewende liggaam kan lei, soos inderdaad in die VK in die 2015-verkiesing gebeur het.

6.4.2 Die meerderheidsverkiesingstelsel

Die primêre oogmerk met die meerderheidsverkiesingstelsel, ook bekend as die volstrektemeerderheidstelsel, die uitklopstelsel en supplementêre verkiesingstelsel, is om groter verteenwoordigendheid te bewerkstellig deurdat van kandidate in 'n kiesafdeling verwag word om 'n volstreekte meerderheid (50% plus minstens een) van die uitgebragte stemme te verkry. Indien geen kandidaat 'n volstreekte meerderheid verkry nie, moet 'n tweede verkiesing gehou word. In hierdie tweede ronde word slegs geselekteerde kandidate toegelaat om deel te neem. Die kwalifikasievereistes wissel grootliks in state wat van hierdie stelsel gebruik maak. In Frankryk moet 'n kandidaat in die eerste ronde die steun van minstens 12,5% van die geregistreerde kiesers verkry het. Soos in die pluraliteitsverkiesingstelsel word ook die meerderheidsverkiesingstelsel in enkellidkiesafdelings toegepas.

6.4.3 Die proporsioneleverteenvoordigingstelsel

Die proporsioneleverteenvoordigingstelsel word toegepas in meerledige kiesafdelings en het ten doel om 'n wetgewende instelling daar te stel waarin aan 'n politieke party die getal setels toegeken sal word wat, tot die grootste moontlike mate, die persentasie van die stemme wat die betrokke party in die verkiesing verwerf het, sal weerspieël. Hierdie stelsel is regdeur die internasionale stelsel baie gewild, omdat die persepsie bestaan dat dit as die "regverdigste" stelsel beskou word. Variasies daarvan word op een of ander regeringsvlak in bykans elke staat toegepas. Opvallend is die feit dat die betrokke stelsel hoofsaaklik aangetref word in samelewings waar etniese, taalkundige en godsdienstige klowings aan die orde van die dag is of waar klasse- en ideologiese konflikte voorkom.

Die problematiek verbonde aan die proporsioneleverteenvoordigingstelsel spruit voort uit die feit dat dit soms moeilik is om aan 'n party dieselfde persentasie van setels in die wetgewende instelling toe te ken as die persentasie stemme wat dit in die verkiesing verkry het. Alhoewel verskeie wiskundige formules, soos die Droop-metode, die d'Hondt-metode en die Sainte-Laguë-metode, wel bestaan om proporsionaliteit te verseker, is twee tipes

proporsioneleverteenvoordingstelsels nietemin ontwikkel. Hierdie stelsels word kortliks verduidelik.

6.4.3.1 Die partylstelsel

Die uitstaande kenmerk van die partylstelsel is dat die kieser vir 'n lys van kandidate stem wat deur elke party saamgestel word en nie vir 'n individu nie. Die volgende tipes partylstelsels kan onderskei word: Eerstens is daar die geslote partylstelsel, waar die party self besluit oor wie elke setel sal vul. Tweedens is daar die ope partylstelsel, waar die kieser wel vir die party stem, maar tog 'n aanduiding kan gee van die kandidaat wat hom/haar in die wetgewende instelling moet verteenwoordig. Dit staan bekend as stemverdeling of stemtoedeling.

'n Uitstaande kenmerk eie aan partylstelsels is die stemdrumpel ("vote threshold"). In partylstelsels word by wyse van wetgewing 'n persentasie van die geregistreerde kiesers bepaal wat elke party moet behaal alvorens setels aan hulle toegeken sal word. Hierdie stemdrumpel wissel van 0,67% in Nederland tot 5% in Duitsland en Rusland. 'n Lae stemdrumpel stimuleer die vorming van randpartye, terwyl 'n hoë stemdrumpel die teenoorgestelde uitwerking het. Dit moet ook beklemtoon word dat hoe groter die kiesafdeling, hoe groter die kans dat 'n volle proporsionele uitslag moontlik is.

6.4.3.2 Die enkeloordraagbarestem-stelsel

Die enkeloordraagbarestem-stelsel is deur die Britse politikus Thomas Hare ontwikkel. Ingevolge hierdie stelsel stem die kieser vir individue en nie vir partye soos in die partylstelsel nie. Die uitstaande kenmerk van hierdie stelsel is dat die kieser 'n aanduiding kan gee van welke deelnemende kandidaat hy/sy as sy/haar eerste, tweede, derde, ens. keuse beskou. Dit is ook belangrik om te meld dat die grootte van die kiesafdeling 'n belangrike rol kan speel.

6.4.4 Die gekombineerde of gemengde verteenwoordigingstelsel

In etlike state word die meerderheidsverkiesingstelsel en die proporsioneleverteenvoordingstelsel gekombineer. Dit staan bekend as die addisionele lidstelsel ("additional member system (AMS)") of gemengde-lid proporsionele stelsel ("mixed-member proportional system (MMP)"). Die beste voorbeeld is die verkiesing van lede van die Bundestag (Laerhuis) in Duitsland. In die addisionele lidstelsel het elke kieser twee stemme. Die eerste stem word gebruik om 'n individu in 'n bepaalde kiesafdeling te verkies, terwyl die tweede stem gebruik word vir 'n streeksgebaseerde partylys.

6.5 Die verkiesingstelsel in Suid-Afrika toegepas

In Suid-Afrika word sedert die oorgang na 'n inklusiewe demokrasie in 1994 op sentrale- en provinsialeregeringsvlak van die geslote partylstelsel gebruik gemaak. Op die plaaslikeregeringsvlak geld sowel die pluraliteitsverkiesingstelsel as die proporsioneleverteenvoordingstelsel in al drie tipes plaaslike owerhede, naamlik metropolitaanse munisipaliteite, plaaslike munisipaliteite en distriksmunisipaliteite. Die uitgangspunt wat die gebruik van beide stelsels ten grondslag lê, is dat dit verantwoordbaarheid versterk.

Die Grondwet asook die Kieswet, 1998 bepaal die samestelling van die wetgewende liggame op sentraleregeringsvlak: Die Nasionale Raad van Provinsies bestaan uit 90 lede (10 lede per provinsie) wat deur die wetgewende liggaam van elke provinsie genomineer word. Die Nasionale Vergadering word op twee vlakke saamgestel: Die helfte van die ledetal (200 lede) is streeksetels (die provinsies) en word saamgestel op grond van streekstemme en streekslyste. Die ander helfte (200 lede) is nasionale setels en word saamgestel op grond van nasionale stemme en nasionale lyste. 'n Variasie van die Droop-kwotastelsel word gebruik vir die toekenning van setels.

6.6 Die aard van die kritiek teen die Suid-Afrikaanse verkiesingstelsel

Gegewe die belangrike funksie wat 'n verkiesingstelsel in die konsolidering van demokrasie in samelewings vervul, is dit betekenisvol dat die Suid-Afrikaanse geslote partylystelsel deur talle politieke ontleders fel gekritiseer word. In die lig daarvan dat dit nie moontlik is om alle standpunte te reflekteer nie, sal na die kritiek van slegs enkele ontleders verwys word.

- Ebrahim Fakir (2014). Hy beklemtoon die feit dat die geslote partylystelsel tesame met die lae stemdrumpel wat gebruik word om setels toe te ken, die vorming van talle klein politieke partye bevorder en tot die fragmentasie van die opposisie lei. Hy wys daarop dat nege partye met slegs 6,5% kieserstemme oor 30 setels in die parlement beskik.
- Paul Hoffman (2017). Hy kritiseer die stelsel omdat dit die belange van politieke partye en politici vooropstel en nie die belange van die burgers dien nie.
- Judith February (2017). Haar kritiek wentel veral om die verkiesingstelsel se gebrek aan verantwoordbaarheid.
- Nompumelelo Sibalukhulu (2012). Soos Hoffman, kritiseer Sibalukhulu die stelsel op grond daarvan dat dit nie die belange van die kieserspubliek dien nie. Sibalukhulu wys spesifiek daarop dat die kiesers nie 'n lid van die parlement kan benoem of verwyder nie. Slegs partye is hierdie reg beskore.
- Pierre de Vos (2017). Volgens hom is die verkiesingstelsel gebrekkig deurdat dit 'n toestand skep waar buiteparlementêre partyfunksionarisse sodanige invloed op verkose verteenwoordigers uitoefen dat die kieser in effek van sy/haar stemreg ontnem word.
- Peter Curle (2017). Die parlamentslede behoort nie as verteenwoordigers van die kiesers beskou word nie, maar as "apparatsjiks" (funksionarisse in die partypolitieke apparaat van kommunistiese stelsels) van politieke partye.

Teen die agtergrond van bogemelde kritiek ontstaan die vraag: Wat is die vereistes waaraan verkiesingstelsels in demokratiese samelewings moet voldoen?

Volgens André Blais (1999:1–9) word die volgende universeel as die wesensvereistes beskou: verantwoordbaarheid, verteenwoordigendheid, billikheid, gelykheid, effektiwiteit, akkommodasie, partykohesie, vryheid vir plaaslike verteenwoordigers, eenvoud en akkuraatheid.

Toegepas op Suid-Afrika blyk dit dat alhoewel die geslote partylystelsel wel aan sommige van hierdie vereistes voldoen en bepaalde voordele inhou (dit verseker onder meer genderverteenwoordiging en verhoed 'n wegholoorwinning deur die regerende party sou die pluraliteitsverkiesingstelsel byvoorbeeld toegepas word), dit nietemin beduidende gebreke en

tekortkominge vertoon. Die gebreke en tekortkominge behoort duidelik te blyk as in gedagte gehou word dat die geslote partylysstelsel

- die regerende party se leierskap in staat stel om die wetgewendegesagsinstellings op provinsiale en sentrale vlak met ontplooiëde kaders te vul
- die regerende party se leierskap in staat stel om neopatrimonialisme toe te pas (die skep van omvangryke begunstiger-kliënt-netwerke of patronaatnetwerke gedurende die twee bewindstydperke van oudpresident Zuma dien ter illustrasie)
- meebring dat die nasionale en provinsiale wetgewendegesagsinstellings tot blote rubberstempels vir die uitvoerendegesagstrukture gereduseer word
- die kiesers verplig om verteenwoordigers in nasionale en provinsiale wetgewende liggame te kies wat oor geen of weinig kennis beskik van die besondere behoeftes en belange in die gebiede waarin hulle woon nie
- meebring dat buiteparlementêre partyhoofkwartiere en senior partyleiers, wat deur slegs 'n paar duisend afgevaardigdes tydens 'n partykongres verkies word, opdragte aan verkose verteenwoordigers in wetgewende liggame kan gee wat, soos De Vos (2017) hier bo aangetoon het, daarop neerkom dat die kieser in effek van sy/haar stemreg ontnem word
- nie in ooreenstemming is met die grondliggende waarde soos vervat in artikel 1(d) van die Grondwet, naamlik dat die veelpartystelsel van demokratiese regering gegrond sal wees op verantwoordingspligtigheid, 'n responsiewe ingesteldheid en openheid, nie
- nie die konsolidasie van 'n regstaat (konstitusionele demokrasie) bevorder waarin demokratiese regering deur die verkose verteenwoordigers sal geskied ooreenkomstig die beginsels van moraliteit, rasionaliteit, billikheid, integriteit en geregtigheid nie
- die skeiding tussen staat en party afbreek
- die effektiewe funksionering van die stelsel van wigte en teenwigte (kruiskontroles) soos in die Grondwet vervat, belemmer. (Die Konstitusionele Hof het reeds bevind dat, in etlike gevalle, die parlement se toesig oor die uitvoerende gesag gebrekkig was.)

Dit is opvallend dat etlike van bogemelde tekortkominge betreffende die Suid-Afrikaanse verkiesingstelsel in verband gebring kan word met die bevindinge van Albertus en Menaldo (2018) in hulle nuutverskene publikasie waarna hier bo verwys is. Soos gemeld, het hierdie navorsers bevind dat in politieke stelsels waarin die afgelope 200 jaar 'n oorgang plaasgevind het vanaf outoritarisme na demokrasie, konstitusionele instrumente gebruik word om die voortsetting van elite-dominasie, elite-beskerming en selfs elite-bevoordeling te verseker. Die konstitusionele instrumente waarna verwys word, is, onder meer, die ontwerp van die verkiesingstelsel; die aanstelling van verteenwoordigers in die wetgewende liggame; en die vereiste van groot meerderhede om verandering teweeg te bring.

6.7 Die vooruitsig dat die Suid-Afrikaanse politieke verkiesingstelsel verander sal word

Gegewe die problematiek inherent aan die geslote partylysstelsel en nadelige uitwerking daarvan op die konsolidering van die konstitusionele demokrasie is dit belangrik dat alternatiewe verkiesingstelsels soos die pluraliteitsverkiesingstelsel, die meerderheidsverkiesingstelsel, die ope partylysstelsel en die gekombineerde verteenwoordigingstelsel vir Suid-Afrika oorweeg word. Pogings deur opposisiegroeperings en instellings in die

burgerlike samelewing om die geslote partylyststelsel te verander was egter tot dusver onsuksesvol.

Dit is interessant om te meld dat die geslote partylyststelsel veronderstel was om slegs gedurende die eerste twee algemene verkiesings toegepas te word. Volgens die Grondwet van 1996 moes die parlement na 1999 wetgewing oorweeg betreffende 'n verkiesingstelsel vir die verkiesing van lede van die Nasionale Vergadering en provinsiale wetgewende liggame tydens die verkiesing van 2004 en daarna (Álvarez-Rivera 2014).

In 2002 het die regering van oudpresident Thabo Mbeki wel 'n kommissie onder die leiding van Frederik van Zyl Slabbert aangestel om wysigings aan die proporsionele verteenwoordigingstelsel soos dit plaaslik toegepas word, te ondersoek. Die kommissie het gedurende 2003 in 'n meerderheidsverslag voorgestel dat die proporsionele verteenwoordigingstelsel behou word, maar dat 'n tipe gekombineerde verteenwoordigingstelsel in werking gestel word. Met spesifieke verwysing na die Nasionale Vergadering is voorgestel dat 300 van die setels in daardie liggaam gevul word deur verkiesings in 69 meerledige kiesafdelings, terwyl die oorblywende 100 setels gevul word deur die geslote partylyststelsel (Álvarez-Rivera 2014; Report of the Electoral Task Team 2003:21–31).

Die kommissie se voorstelle is egter nie deur die Mbeki-regering aanvaar nie. Wetgewing is in dieselfde jaar ingedien ingevolge waarvan die bestaande verkiesingstelsel behou sou word vir komende algemene verkiesings (Álvarez-Rivera 2014). Gegewe die feit dat die geslote partylyststelsel, soos hier bo aangedui, inderdaad beduidende voordele vir die regerende party inhou en hierdie voordele oënskynlik deur die meerderheid kiesers tydens verkiesings gekondoneer word, is dit onwaarskynlik dat enige veranderings in die toekoms verwag kan word.

7. Opsommend

Soos in demokratiese samelewings regoor die wêreld gebeur het, het politieke partye ook in Suid-Afrika 'n belangrike rol gespeel in nie alleen die ontstaan van die inklusiewe konstitusionele demokrasie in 1994 nie, maar ook in die konsolidering daarvan die afgelope 24 jaar. Tekenend is dat

- alle partye op aktiewe wyse oor etlike jare deelgeneem het aan die konstitusionele onderhandelingsproses tydens die grondlegging van die demokratiese bestel
- alle politieke partye op aktiewe wyse deelgeneem het aan die eerste vyf algemene verkiesings
- alle politieke partye op aktiewe wyse hulle artikulerings-, sosialiserings-, balanserings-, aktiverings-, kanalisering- en werwingsfunksies uitgeoefen het
- die meerderheid leiers van die regerende party en die amptelike opposisie persoonlikheidseienskappe openbaar het wat tiperend is van die demokratiese persoonlikheid en die onderhandelaar
- die meerderheid leiers van die leidende politieke partye leierskapstyle openbaar het wat tiperend is van transaksionele en transformasionele leiers.

Die rol en invloed van politieke partye in die konsolidering van die konstitusionele demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing kan egter nie deurgaans as positief beskou word nie. Hierdie instellings kan selfs “dedemokratisering” bevorder, in ag genome dat

- uitdruklike konstitusionele voorsiening nie gemaak word vir politieke partye se status, regte, verpligtinge en funksies nie
- die meerderheid waaroor die regerende party beskik, meebring dat die partystelsel tiperend is van ’n dominante partystelsel
- die regerende party en enkele opposisieparty, wat gesamentlik oor ’n tweederde-meerderheid in die parlement beskik, eienskappe vertoon wat tiperend is van kader-, alles-vir-almal-, populistiese, linksgesinde, revolusionêre en kartelpartye
- die regerende party steun ontvang grootliks as gevolg van die feit dat ondersteuners hulle partypolitieke keuse uitoefen op ’n wyse wat tiperend is van sowel die party-identifiseringsmodel, die sosiologiese model en die dominante-ideologie-model
- alle politieke partye onderhewig is aan die uitwerking van die ysterwet van oligargie, naamlik oorheersing van beleidformulering en besluitneming deur elites en aktiviste.

Die invloed wat die afgelope vyf algemene verkiesings op die konsolidering van die konstitusionele demokrasie in die Suid-Afrikaanse samelewing uitgeoefen het, was belangrik, alhoewel twee ernstige tekortkominge geïdentifiseer is. Eerstens het die kieserspubliek tydens hierdie verkiesings versuim om die politieke leierskap tot verantwoording te roep betreffende die versekering van veiligheid en die lewering van daardie goedere en dienste wat noodsaaklik is vir die vestiging van ’n stabiele omgewing waarin sosio-ekonomiese ontwikkeling kan geskied. Die omvang van die versuim blyk nie alleen uit die swak veiligheids- en sosio-ekonomiese toestand waarin Suid-Afrika sigself tans bevind nie, maar ook uit die feit dat die persentasie van die stemgeregtigde kiesers wat nie aan verkiesings deelgeneem het nie, gestyg het van 14% in 1994 tot 41% tydens die jongste verkiesing in 2014.

Tweedens het die tipe verkiesingstelsel wat toegepas is, naamlik die geslote partylystelsel, nie aan al die essensiële vereistes wat op verkiesingstelsels in demokrasieë van toepassing is, voldoen nie. Sommige tekortkominge is van sodanige aard dat die stelsel vervang behoort te word. In ag genome die feit dat die geslote partylystelsel egter ingeboude voordele vir die regerende party inhou en hierdie voordele oënskynlik tydens verkiesings deur die meerderheid van die kiesers gekondoneer word, is dit onwaarskynlik dat enige verandering in die toekoms verwag kan word. Die enkele poging wat wel in 2002 van stapel gestuur is, was onsuksesvol.

Bibliografie

Abuya, E.O. 2010. Can African states conduct free and fair presidential elections? *Northwestern Journal of International Human Rights*, 8(2):122.
<https://scholarlycommons.law.northwestern.edu/cgi/viewcontent.cgi?article=1096&context=njihr>(24 September 2018 geraadpleeg).

ACE Electoral Knowledge Network. 2012. *Parties and candidates*. Tweede uitgawe.
<http://aceproject.org/ace-en/topics/pc/pca/pca01/pca01a> (22 Maart 2018 geraadpleeg).

- Acton Institute. 2018. Lord Acton Quote Archive. <https://acton.org/research/lord-acton-quote-archive> (12 April 2018 geraadpleeg).
- Afgan, K.F. 2016. Political elections as an element of democracy. *Journal of Political Sciences & Public Affairs*, 26 Oktober. <https://www.omicsonline.org/open-access/political-elections-as-an-element-of-democracy-2332-0761-1000220.php?aid=83218> (20 Mei 2018 geraadpleeg).
- Albertus, M. en V. Menaldo. 2018. *Authoritarianism and the elite origins of democracy*. <https://www.polisci.washington.edu/research/publications/authoritarianism-and-elite-origins-democracy> (17 Mei 2018 geraadpleeg).
- Álvarez-Rivera, M. 2014. *Election resources on the internet: The Republic of South Africa electoral system*. <http://electionresources.org/za/system> (12 Mei 2018 geraadpleeg).
- ANC (African National Congress). 2017. Declaration of the 54th National Conference of the African National Congress. 20 Desember. <http://www.ancfreestate.org.za/news/declaration-54th-national-conference-african-national-congress-20-december-2017#.Ws8f7ohubIU> (12 April 2018 geraadpleeg).
- Ball, T. en R. Dagger. 2018. Democratic centralism. *Encyclopaedia Britannica*. <https://www.britannica.com/topic/democratic-centralism> (23 April 2018 geraadpleeg).
- Bawn, K., M. Cohen, D. Karol, S. Masket, H. Noel en J. Zaller. 2012. *A theory of political parties: Groups, policy demands and nominations in American politics*. <https://www.vanderbilt.edu/csdi/TheoryofParty.pdf> (15 Mei 2018 geraadpleeg).
- Beetham, D. 1994. Conditions for democratic consolidation. *Journal Review of African Political Economy*, 21. Aanlyn gepubliseer in 2007. <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/03056249408704053?journalCode=crea20> (11 Junie 2018 geraadpleeg).
- Bendile, D. 2018. Maimane punts DA's nonracialism. *Mail & Guardian*, 6 April. <https://mg.co.za/article/2018-04-06-00-maimane-punts-das-nonracialism> (1 Mei 2018 geraadpleeg).
- Bermeo, N. 2016. On democratic backsliding. *Journal of Democracy*, 27(1). <https://muse.jhu.edu/article/607612> (23 Junie 2018 geraadpleeg).
- Blais, A. 1999. *Criteria for assessing electoral systems*. http://www.elections.ca/res/rec/fra/sys/blais_e.pdf (30 April 2018 geraadpleeg).
- Booyesen, S. 2018. ANC's election manifesto moment of truth. *Daily Maverick*, 27 Junie. https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2018-06-27-ancs-election-manifesto-moment-of-truth/#.WzNN_NIzbIU (27 Junie 2018 geraadpleeg).
- BusinessTech. 2017. How big South Africa's black middle class is – and why the ANC are concerned. *BusinessTech*, 7 Junie. <https://businesstech.co.za/news/government/178079/how->

big-south-africas-black-middle-class-is-and-why-the-anc-are-concerned (1 Mei 2018 geraadpleeg).

Carbone, G.M. 2007. Political parties and party systems in Africa: Themes and research perspectives. *World Political Science Review*, 3(3).
<http://adpm.pbworks.com/f/africa%2520party%2520systems%2520carbone.pdf> (24 September 2018 geraadpleeg).

Caverly, M.M. 2014. *Iron law of oligarchyI*. Wiley Online Library.
<https://onlinelibrary.wiley.com/doi/full/10.1002/9781118474396.wbept0540> (16 Mei 2018 geraadpleeg).

City Press. 2014. ANC wins 15 fewer seats in parliament, DA gains 22. *City Press*, 10 Mei.
<https://www.news24.com/Archives/City-Press/ANC-wins-15-fewer-seats-in-Parliament-DA-gains-22-20150430> (23 April 2018 geraadpleeg).

Curle, P. 2017. How party-driven electoral system fails SA. *BusinessDay*, 5 Oktober.
<https://www.businesslive.co.za/bd/opinion/2017-10-05-how-party-driven-electoral-system-fails-sa> (23 Mei 2018 geraadpleeg).

Dahl, R.A. 1984. *Modern political analysis*. Vierde uitgawe. Englewood Cliffs: Prentice-Hall International.

Desilver, D. 2017. U.S. trails most developed countries in voter turnout. *Pew Research Center*, 15 Mei. <http://www.pewresearch.org/fact-tank/2017/05/15/u-s-voter-turnout-trails-most-developed-countries> (24 April 2018 geraadpleeg).

De Vos, P. 2017. How South Africa's electoral system effectively disenfranchises voters. *Daily Maverick*, 20 April. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2017-04-20-how-south-africas-electoral-system-effectively-disenfranchises-voters/#.WqeiGOhubIU> (13 Maart 2018 geraadpleeg).

Diamond, L. en R. Gunther (reds.). 2001. *Political parties and democracy*.
<https://jhupbooks.press.jhu.edu/content/political-parties-and-democracy> (18 Mei 2018 geraadpleeg).

Dodds, C. 2016. #Elections2016: Voter apathy rife, survey reveals. *IOL News*, 29 Julie.
<https://www.iol.co.za/news/politics/elections2016-voter-apaty-rife-survey-reveals-2050979> (17 Mei 2018 geraadpleeg).

Eagly, A.H., M.C. Johannesen-Schmidt en M.L. van Engen. 2003. Transformational, transactional, and laissez-faire leadership styles: A meta-analysis comparing women and men. *Psychological Bulletin*, 129(4). [https://www.scholars.northwestern.edu/en/publications/transformational-transactional-and-laissez-faire-leadership-style-2\(22 Maart 2018 geraadpleeg\)](https://www.scholars.northwestern.edu/en/publications/transformational-transactional-and-laissez-faire-leadership-style-2(22%20Maart%202018%20geraadpleeg)).

Economist Intelligence Unit. 2017. *Democracy index 2017*.
<https://www.eiu.com/topic/democracy-index> (2 Mei 2018 geraadpleeg).

Fakir, E. 2014. The electoral system: Is there vice or virtue in reform? *Daily Maverick*, 22 Mei. <https://www.dailymaverick.co.za/opinionista/2014-05-22-the-electoral-system-is-there-vice-or-virtue-in-reform/#.WuxWr4iFPIU> (4 April 2018 geraadpleeg).

February, J. 2017. SA electoral system lacks accountability. *Eyewitness News (EWN)*, 30 November. <http://ewn.co.za/2017/11/30/opinion-judith-february-sa-electoral-system-has-accountability-deficit> (4 April 2018 geraadpleeg).

Freedom House. 2018. Freedom in the world 2018. Democracy in crisis. <https://freedomhouse.org/report/freedom-world/freedom-world-2018> (2 Mei 2018 geraadpleeg).

Gerber, J. 2018. National Assembly adopts motion on land expropriation without compensation. *News24*, 27 Februarie. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/breaking-national-assembly-adopts-motion-on-land-expropriation-without-compensation-20180227> (12 April 2018 geraadpleeg).

Gibbens, R., P.D. Webb en H. Eulau. 2018. Election. Political science. *Encyclopaedia Britannica*. <https://www.britannica.com/topic/election-political-science> (4 Mei 2018 geraadpleeg).

Gunther, R. en L. Diamond. 2003. Species of political parties. A new typology. *Sage Journals*, 9(2). <http://journals.sagepub.com/doi/pdf/10.1177/13540688030092003> (23 April 2018 geraadpleeg).

Habib, A. 2007. Civil society and democracy in South Africa. *NGO Pulse*, 3 Desember. <http://www.ngopulse.org/article/civil-society-and-democracy-south-africa> (24 April 2018 geraadpleeg).

Heywood, A. 2002. *Politics*. Tweede uitgawe. New York: Palgrave Macmillan.

Hoffman, P. 2017. The people versus the electoral system. *Mail & Guardian*, 24 Februarie. <https://mg.co.za/article/2017-02-24-00-the-people-versus-the-electoral-system> (4 Mei 2018 geraadpleeg).

Johannsen, M. 2018. *Types of leadership styles: Twelve worth knowing and using*. <https://www.legacee.com/types-of-leadership-styles> (5 Mei 2018 geraadpleeg).

Katz, R.S. 1980. *A theory of parties and electoral systems*. <https://muse.jhu.edu/book/3506> (2 Mei 2018 geraadpleeg).

—. 1997. Democracy and elections. *Wiley Online Library*. <https://onlinelibrary.wiley.com/doi/abs/10.2307/2658021> (3 Junie 2018 geraadpleeg).

Katz, R.S. en P. Mair. 1995. *Changing models of party organization and party democracy: The emergence of the cartel party*. Sage Publications. <https://politicacomparata.files.wordpress.com/2011/03/katz-and-mair-1995-changing-models-of-party-organization.pdf> (16 Junie 2018 geraadpleeg).

Kearsey, S.J. 2007. *A study of democratic consolidation in South Africa: What progress to date?* https://scholar.sun.ac.za/bitstream/handle/10019.1/3294/kearsey_study_2007.pdf (11 Junie 2018 geraadpleeg).

King, C. 2000. *Electoral systems*. http://faculty.georgetown.edu/kingch/Electoral_Systems.htm (20 Mei 2018 geraadpleeg).

Kuenzi, M. en G. Lambright. 2005. Party systems and democratic consolidation in Africa's electoral regimes. *Party Politics*, 11(4):423–46. https://www.researchgate.net/publication/233756333_Party_Systems_and_Democratic_Consolidation_in_Africa's_Electoral_Regimes (24 September 2018 geraadpleeg).

Lawson, K. 2010. Political parties and democracy. *ABC-CLIO Corporate*. Praeger Uitgewers. <https://www.abc-clio.com/ABC-CLIOCorporate/product.aspx?pc=E4830C> (15 Junie 2018 geraadpleeg).

Linz, J.J. en A. Stepan. 1996. Toward consolidated democracies. *Journal of Democracy*, 7(2). <http://adpm.pbworks.com/f/Democratic+Consolidation-Linz+and+Stepan-1996.pdf> (21 Junie 2018 geraadpleeg).

Lynch, G. en G. Crawford. 2011. Democratization in Africa 1990–2010: An assessment in democratisation in Africa. *Challenges and Prospects*, 18(2). <https://www.tandfonline.com/doi/full/10.1080/13510347.2011.554175?src=recsys> (25 September 2018 geraadpleeg).

Madia, T. 2018. Governance is collapsing in SA – Ramaphosa. *News24*, 16 Junie. <https://www.news24.com/SouthAfrica/News/governance-is-collapsing-in-sa-ramaphosa-20180616> (25 Junie 2018 geraadpleeg).

Makhele, T. 2018. ANC support for Zuma: Can democratic centralism go wrong?

News24, 6 April. <https://www.news24.com/MyNews24/anc-support-for-zuma-can-democratic-centralism-go-wrong-20180406> (17 Mei 2018 geraadpleeg).

Malala, J. 2018. How Jacob Zuma is waging a dirty war against Cyril Ramaphosa. *Businesslive, Rand Daily Mail*, 25 Junie. <https://www.businesslive.co.za/rdm/politics/2018-06-25-justice-malala-jacob-zuma-is-waging-a-dirty-war-against-cyril-ramaphosa> (27 Junie 2018 geraadpleeg).

Mattes, R. 2018. Zuma, ANC's decline chronicled in new survey. *IOL News*, 12 Maart. <https://www.iol.co.za/news/opinion/zuma-ancs-decline-chronicled-in-new-survey-13741112> (30 Mei 2018 geraadpleeg).

McKinley, D. 2014. Low voter turnout: The real story of South Africa's national elections. *SA Breaking News*, 12 Mei. www.sabreakingnews.co.za/2014/05/12/low-voter-turnout-the-real-story-of-south-africas-national-elections (24 April 2018 geraadpleeg).

Mesfin, B. 2008. *Democracy, elections & political parties. A conceptual overview with special emphasis on Africa*. Julie. <https://www.files.ethz.ch/isn/98951/PAPER166.pdf> (2 Mei 2018 geraadpleeg).

Munro, A. 2018. Populism. Political program or movement. *Encyclopaedia Britannica*. <https://www.britannica.com/topic/populism> (24 September 2018 geraadpleeg).

Munusamy, R. 2018. Julius Malema initiates ANC-EFF talks. *TimesLive*, 22 April. <https://www.timeslive.co.za/politics/2018-04-21-malema-initiates-anc-eff-talks/> (1 Mei 2018 geraadpleeg).

News24. 2014. Study: SA voter apathy worrying. *News24*, 4 Maart. <https://www.news24.com/elections/news/study-sa-voter-apaty-worrying-20140304> (24 April 2018 geraadpleeg).

Norris, P. 2005. Political parties and democracy in theoretical and practical perspectives. Developments in party communications. *The National Democratic Institute for International Affairs (NDI)*. <https://sites.hks.harvard.edu/fs/pnorris/Acrobat/NDI%20Final%20booklet%20-%20Communications.pdf> (15 Mei 2018 geraadpleeg).

O'Regan, K. 2010. *Political parties: The missing link in our constitution. Political parties in South Africa: The interface between law and politics*. http://www.law.uct.ac.za/sites/default/files/image_tool/images/99/Political-Parties-in-the-Constitution-address-27-August-2015.pdf (22 Maart 2018 geraadpleeg).

Pearson, S.A. 2018. Schattschneider. *E.E. Encyclopedia.com*. <https://www.encyclopedia.com/social-sciences/applied-and-social-sciences-magazines/schattschneider-e-e> (11 Mei 2018 geraadpleeg).

Pilane, P. 2016. Why the ANC still rules the roost. *Mail & Guardian*, 15 Januarie. <https://mg.co.za/article/2016-01-16-why-the-anc-still-rules-the-roost> (1 Mei 2018 geraadpleeg).

Randall, V. en L. Sväsand. 2010. *Political parties and democratic consolidation in Africa*. <https://www.tandfonline.com/doi/abs/10.1080/714000266> (25 September 2010 geraadpleeg).

Redondo, R.A. 2014. Are political parties in decline?: Recent contributions in the field. *Revista Derecho Electoral*, 18, Julie-Desember. http://www.tse.go.cr/revista/art/18/alfaro_redondo.pdf (11 Junie 2018 geraadpleeg).

Report of the Electoral Task Team. Januarie 2003. <https://www0.sun.ac.za/fvzs/wp-content/uploads/2016/06/Electoral-Task-Team-Report.pdf> (4 Mei 2018 geraadpleeg).

Reynolds, A., B. Reilly en A. Ellis (reds.). 2008. *Electoral System Design. The New International IDEA Handbook*. <http://researchrepository.murdoch.edu.au/id/eprint/27485/1/Electoral-System-Design-The-New-International-Handbook.pdf> (13 Oktober 2018 geraadpleeg).

- Rooduijn, M. 2015. Populism has been used to describe countless and often conflicting political parties, but it can be defined. *Democratic Audit UK*. <http://eprints.lse.ac.uk/63210/1/democraticaudit.com-Populism%20has%20been%20used%20to%20describe%20countless%20and%20often%20conflicting%20political%20parties%20but%20it%20can%20be%20de.pdf> (17 Augustus 2018 geraadpleeg).
- Rosen, D. 2013. *The 6 political personality types in campaigns & elections*. Fordham Graduate School of Arts and Sciences. <https://www.campaignsandelections.com/campaign-insider/the-6-political-personality-types> (8 Maart 2018 geraadpleeg).
- Salih, M.A.M. en P. Nordlund. 2007. *Political parties in Africa: Challenges for sustained multiparty democracy*. <http://www.eldis.org/document/A24754> (24 September 2018 geraadpleeg).
- Sibalukhulu, N. 2012. SA's electoral system fails the people. *Mail & Guardian*, 20 April. <https://mg.co.za/article/2012-04-20-sas-electoral-system-fails-the-people> (4 April 2018 geraadpleeg).
- Sisk, T.D. 2017. Elections, electoral systems and party systems in elections, electoral systems and party systems. A resource guide. Gepubliseer deur die *International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA)*. Stockholm, Swede. <https://www.idea.int/gsod/files/IDEA-GSOD-2017-RESOURCE-GUIDE-ELECTIONS.pdf> (4 Mei 2018 geraadpleeg).
- Sluyter-Beltrão, J. 2018. Iron law of oligarchy. *Encyclopaedia Britannica*. <https://www.britannica.com/topic/iron-law-of-oligarchy> (24 April 2018 geraadpleeg).
- Solijonov, A. 2016. Voter turnout trends around the world. *International Institute for Democracy and Electoral Assistance (IDEA)*, Stockholm, Swede. <https://www.idea.int/sites/default/files/publications/voter-turnout-trends-around-the-world.pdf> (4 Mei 2018 geraadpleeg).
- Stokes, S.C. 1999. Political parties and democracy. *Annual Review of Political Science*, 22. <https://pdfs.semanticscholar.org/5d7f/642c6c2c800267950371d43f18981b7181f7.pdf> (15 Mei 2018 geraadpleeg).
- The Citizen. 2016. "Worrying" political apathy among SA youth. *The Citizen*, 3 Augustus. <https://citizen.co.za/news/south-africa/1233730/worrying-political-apaty-among-sa-youth> (24 April 2018 geraadpleeg).
- Thuynsma, H.A. (red.). 2017. *Political parties in South Africa: Do they underpin or undermine democracy?* Afrika-instituut van Suid-Afrika. <https://leseprobe.buch.de/images-adb/1a/28/1a28c5fd-aaf3-4a56-8a0c-e71b008a66c9.pdf> (24 September 2018 geraadpleeg).
- TimesLive. 2018. MPs are failing to represent us: Survey. *TimesLive*, 26 Maart. <https://www.timeslive.co.za/politics/2018-03-26-mps-are-failing-to-represent-us-survey> (24 April 2018 geraadpleeg).

Tracey, L. 2016. New study reveals reasons for low voter turnout among SA youth. 27 Julie. <https://issafrica.org/about-us/press-releases/new-study-reveals-reasons-for-low-voter-turnout-among-sa-youth> (24 April 2018 geraadpleeg).

Van Biezen, I. 2004. *How political parties shape democracy: Perspectives from democratic theory*. <https://ecpr.eu/Filestore/PaperProposal/8ede4f19-6887-4df6-b0ff-851ff2e99ea3.pdf> (15 Mei 2018 geraadpleeg).

Wolinetz, S.B. 2004. *Classifying party systems: Where have all the typologies gone?* <https://www.cpsa-acsp.ca/papers-2004/Wolinetz.pdf> (23 April 2018 geraadpleeg).